Mr Lewis 18/10/62

THE PROVINCE OF TRANSVAAL — DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Official Gazette — Offisiële Koerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) — (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CLXXXIII.] PRICE 5c. PRETORIA, 17 OCTOBER / 17 OKTOBER 1962. PRYS 5c. [No. 2993.

## CONTENTS ON BACK PAGES.

No. 265 (Administrator's), 1962.]

### PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Westergloor on Portion 104 of the farm Randfontein No. 247, Registration Division I.Q., District of Randfontein;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-fifth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-two.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.D. 4/8/1722

### SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE TOWN COUNCIL OF RANDFONTEIN UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 104 OF THE FARM RANDFONTEIN NO. 247, REGISTRATION DIVISION I.Q., DISTRICT OF RANDFONTEIN, WAS GRANTED.

A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Westergloor.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.851/61.

3. *Water.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up including provision for fire fighting services, is available and that arrangements have been made regarding the delivery of the water and the reticulation thereof throughout the township. These arrangements shall include an undertaking by the applicant to reticulate water to the street frontage of any erf in the township when called upon to do so by the owner of the erf concerned: Provided that the applicant is satisfied of the bona fide intention of such owner to build thereon within a reasonable period.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

## INHOUD AGTERIN.

No. 265 (Administrateurs-), 1962.]

### PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Westergloor te stig op Gedeelte 104 van die plaas Randfontein No. 247, Registrasie-afdeling I.Q., distrik Randfontein;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Vyf-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Twee-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.D. 4/8/1722.

### BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE STADSRAAD VAN RANDFONTEIN, INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEGORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 104 VAN DIE PLAAS RANDFONTEIN NO. 247, REGISTRASIE-AFDELING I.Q., DISTRIK RANDFONTEIN, TOEGESTAAN IS.

A—STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Westergloor.

2. *Ontwerpplan van die dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangewys op Algemene Plan L.G. No. A.851/61.

3. *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is en dat reëlings getref is in verband met die lewering van water en die retikulasie daarvan deur die hele dorp. Hierdie reëlings moet 'n onderneming van die applikant insluit om water tot by die straatfront van enige erf in die dorp te retikuleer wanneer hy deur die eienaar van die betrokke erf daartoe aangesê word: Met dien verstande dat die applikant oortuig is van die *bona fide*-voorneme van sodanige eienaar om binne 'n redelike tydperk daarop te bou.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings uiteengesit word, moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that arrangements have been made for the sanitation of the township which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that arrangements have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. *Cancellation of Existing Condition of Title.*

The applicant shall at his own expense obtain the cancellation of the condition relating to subdivision and buildings in favour of The Randfontein Estate Gold Mining Company, Witwatersrand, Limited.

7. *Component Portions.*

The component portions comprising the township shall be consolidated.

8. *Access.*

Access from the township to Road P.59/1 (Main Reef Road) shall be limited to points opposite the common boundary of Erven Nos. 1 and 2, at the intersection of Van Rensburg Street and the service road and at the intersection of Retief Street and the service road as shown on the General Plan.

9. *Use of Service Road.*

The service road along Road P.59/1 (Main Reef Road) shall allow one-way traffic only, namely in a southern direction (i.e. north-east to south-west).

10. *Erection of Fence or Physical Barrier.*

The applicant shall at its own expense erect a fence or other physical barrier between the service road and Road P.59/1 (Main Reef Road) to the satisfaction of the Director of Roads of the Transvaal Provincial Administration when required to do so by him and, the applicant shall maintain such fence or physical barrier in good order and repair.

11. *Land for State and Other Purposes.*

(*a*) Erf No. 50, as shown on the General Plan shall be transferred to the proper authority by and at the expense of the applicant for educational purposes.

(*b*) Erven Nos. 1, 26, 113, 114 and 118 as shown on the General Plan shall be reserved as parks and open spaces.

12. *Stormwater.*

(*a*) The applicant shall bear the cost of any additional culverts which may be deemed necessary by the South African Railways Administration for the purpose of discharging stormwater which, as a result of the establishment of the township, may be concentrated on the railway line adjacent to the township and shall further be responsible for the disposal of all such stormwater discharged from the existing as well as any future culverts under the railway line.

(*b*) The applicant shall be responsible for the acceptance and disposal of stormwater coming from or discharged towards Road P.59/1.

13. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven must be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

4. *Sanitêre dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings getref is vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van afvalwater en vuilisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van die reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit.*

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings getref is vir die lewering van elektrisiteit en die distribusie daarvan deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van die reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Opheffing van bestaande titelvoorwaarde.*

Die applikant moet op eie koste die opheffing van die voorwaarde aangaande onderverdeling en geboue ten gunste van Die Randfontein Estate Gold Mining Company, Witwatersrand, Limited verkry.

7. *Samestellende gedeeltes.*

Die samestellende gedeeltes waaruit die dorp bestaan moet gekonsolideer word.

8. *Toegang.*

Toegang vanaf die dorp tot Pad P.59/1 (Hoofrifweg) moet beperk word tot punte teenoor die gemeenskaplike grens van Erwe Nos. 1 en 2, by die kruising van Van Rensburgstraat en die dienspad en by die kruising van Retiefstraat en die dienspad soos aangewys op die Algemene Plan.

9. *Gebruik van dienspad.*

Die dienspad langs Pad P.59/1 (Hoofrifpad) laat slegs eenrigtingverkeer toe, naamlik in 'n suidelike rigting (d.w.s. noordoos na suidwes).

10. *Oprigting van heining of fisiese versperring.*

Die applikant moet op eie koste 'n heining of ander fisiese versperring tussen die dienspad en Pad P.59/1 (Hoofrifweg) oprig tot voldoening van die Direkteur van Paaie van die Transvaalse Provisiale Administrasie wanneer laasgenoemde hom daartoe versoek en die applikant moet sodanige heining of fisiese versperring in 'n goeie toestand onderhou.

11. *Grond vir staats- en ander doeleindes.*

(*a*) Erf No. 50, soos aangewys op die Algemene Plan, moet deur en op koste van die applikant aan die betrokke owerheid vir onderwysdoeleindes oorgedra word.

(*b*) Erwe Nos. 1, 26, 113, 114 en 118, soos aangewys op die Algemene Plan, moet as parke en oop ruimtes gereserveer word.

12. *Stormwater.*

(*a*) Die applikant moet die koste dra van enige bykomende duikers wat die Suid-Afrikaanse Spoorweëadministrasie nodig ag vir die doel om stormwater af te voer wat, as gevolg van die stigting van die dorp, op die spoorlyn langs die dorp mag saamvloei en is voorts aanspreeklik vir die afvoer van alle sodanige stormwater wat van die bestaande sowel as van enige toekomstige duikers onder die spoorlyn afloop.

(*b*) Die applikant is aanspreeklik vir die ontvangs en afvoer van stormwater wat vanaf Pad P.59/1 kom of daarop saamvloei.

13. *Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe aan bestaande voorwaardes en serwitute, indien enige, met inbegrip van die voorbehoud van mineraleregte, gemaak word.

14. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B—CONDITIONS OF TITLE.

1. *The Erven with Certain Exceptions.*

The erven with the exception of—

(i) the erven mentioned in clause A 11 hereof;
(ii) such erven as may be acquired for State or Provincial purposes; and
(iii) such erven as may be required or re-acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Board, has approved the purposes for which such erven are required;

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

(A) *General Conditions.*

(*a*) The applicant and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.

(*b*) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.

(*c*) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(*d*) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities' Pound Regulations shall be kept or stabled on the erf.

(*e*) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(*f*) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipe line or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

(B) *Special Business Erven.*

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erven Nos. 74, 75, 76, 77, 78, 79 and 81 shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a warehouse, or a place of amusement or assembly, garage, industrial premises or an hotel and provided further that—

(i) until the erf is connected to a public sewerage system the building shall not exceed two storeys in height;
(ii) the upper floor or floors may be used for residential purposes.

(*b*) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

14. *Nakoming van voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en ander voorwaardes, genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B—TITELVOORWAARDES.

1. *Die erwe met sekere uitsonderings.*

Die erwe uitgesonderd—

(i) die erwe genoem in klousule A 11 hiervan;
(ii) erwe wat vir Staats- of Provinsiale doeleindes verkry word; en
(iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry of herverkry word, mits die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;

is onderworpe aan onderstaande verdere voorwaardes:—

(A) *Algemene voorwaardes.*

(*a*) Die applikant en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931 nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.

(*b*) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die aantreklikhede van die omgewing benadeel nie.

(*c*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(*d*) Behalwe met die toestemming van die plaaslike bestuur mag geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture op die erf aangehou of op stal gesit word nie.

(*e*) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene mag op die erf opgerig word nie.

(*f*) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om stormwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat toe af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige stormwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die stormwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n ewerediige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoer wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig mag vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

(B) *Spesiale besigheidserwe.*

Benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit is Erwe Nos. 74, 75, 76, 77, 78, 79 en 81 onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

(*a*) Die erf moet slegs vir handels- of besigheidsdoeleindes gebruik word: Met dien verstande dat dit nie gebruik mag word as 'n pakhuis, of vermaaklikheids- of vergaderplek, garage, nywerheidsperseel of 'n hotel nie en voorts met dien verstande dat—

(i) die gebou nie meer as twee verdiepings hoog mag wees totdat die erf met 'n openbare rioolstelsel verbind is nie;
(ii) die boonste verdieping of verdiepings vir woondoeleindes gebruik mag word.

(*b*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(c) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and sub-clause (a) hereof there shall be no limitation of the number of shops or businesses that may be established or conducted on the erf: Provided that no business of a Bantu eating-house of any description shall be conducted on the erf.

(d) No offensive trade as specified either in section *ninety-five* of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, or in a town-planning scheme in operation in the area may be carried on upon the erf.

(e) The business premises shall be erected simultaneously with, or before, the erection of the outbuildings.

(C) *Special Purpose Erf.*

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erf No. 80 shall be subject to the following conditions:—

The erf shall be used for the purpose of conducting thereon the business of a motor garage and purposes incidental thereto: Provided that—

(i) until the erf is connected to a public sewerage system the building shall not exceed two storeys and thereafter not more than three storeys in height;

(ii) the upper floor or floors, which shall not occupy more than 40 per cent of the area of the erf, may be used for business and residential purposes:

Provided further that, in the event of the erf not being used for the aforesaid purpose, it may be used for such other purposes as may be permitted and subject to such conditions as may be imposed by the Administrator after reference to the Board and the local authority.

(D) *Special Residential Erven.*

The erven, with the exception of those referred to in sub-clauses (B) and (C) shall, in addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, be subject to the following conditions:—

(a) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved town-planning scheme, subject to the conditions of the scheme under which the consent of the local authority is required.

(b) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(c) Except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or it or any portion of it is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.

(i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than R3,000;

(ii) the main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with, or before, the erection of the outbuildings.

(c) Behoudens die bepalings van enige wet, verordening of regulasie in subklousule (a) hiervan, is daar geen beperking wat die aantal winkels of besighede betref wat op die erf opgerig of gedryf mag word nie: Met dien verstande dat geen besigheid van 'n Bantoe-eethuis van watter aard ook al op die erf gedryf mag word nie.

(d) Geen hinderlike bedryf, soos omskryf òf in artikel *vyf-en-negentig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, òf in 'n Dorpsaanlegskema wat op die gebied van toepassing is mag op die erf gedryf word nie.

(e) Die besigheidsgeboue moet gelyktydig met, of vóór, die buitegeboue opgerig word.

(C) *Erf vir spesiale doeleindes.*

Benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, is Erf No. 80 ondeworpe aan die volgende voorwaardes:—

Die erf moet gebruik word vir die doel om daarop die besigheid van 'n motorgarage te dryf en vir doeleindes in verband daarmee: Met dien verstande dat—

(i) die gebou nie meer as twee verdiepings hoog mag wees totdat die erf met 'n openbare rioolstelsel verbind is en daarna nie meer as drie verdiepings nie;

(ii) die boonste verdieping of verdiepings, wat nie meer as 40 persent van die oppervlakte van die erf mag beslaan nie, vir besigheids- en woondoeleindes gebruik mag word:

Met dien verstande dat, indien die erf nie vir voornoemde doel gebruik word nie, dit gebruik kan word vir sodanige ander doeleindes as wat toegelaat word en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat opgelê word deur die Administrateur, na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

(D) *Spesiale woonerwe.*

Die erwe, uitgesonderd dié genoem in subklousules (B) en (C), is, benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

(a) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met die toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek vir openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat die plaaslike bestuur ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde Dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word, kan toelaat behoudens die voorwaardes van die Skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.

(b) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders het die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(c) Behalwe met die toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes kan stel as wat hy nodig ag, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as dit of enige gedeelte daarvan met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of die gekonsolideerde gebied toegepas mag word.

(i) Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens R3,000 wees;

(ii) die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of vóór, die oprigting van die buitegeboue opgerig word.

(*d*) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 25 feet from the boundary thereof abutting on a street.

(*e*) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

2. *Servitude for Sewerage and Other Municipal Purposes.*

In addition to the relevant conditions set out above the erven shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf is subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.

(*b*) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 6 feet thereof.

(*c*) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

3. *Definitions.*

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:—

(i) "*Applicant*" means the Town Council of Randfontein and its successors in title to the township.

(ii) "*Dwelling-house*" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

4. *State and Municipal Erven.*

Should any erf referred to in clause A 11 or erven acquired as contemplated in clause B 1 (ii) or required or re-acquired as contemplated in clause B 1 (iii) hereof come into the possession of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be decided by the Administrator after consultation with the Townships Board.

(*d*) Geboue met inbegrip van buitegeboue wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 25 voet van die straatgrens daarvan geleë wees.

(*e*) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

2. *Serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes:*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit is die erwe onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

(*a*) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, ses voet breed langs slegs een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos vasgestel deur die plaaslike bestuur.

(*b*) Geen gebou of ander struktuur mag binne voorgenoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne ses voet daarvan geplant word nie.

(*c*) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke as wat hy volgens goeddunke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op die grond wat aan voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

3. *Woordomskrywing.*

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukkings die betekenisse wat daaraan geheg word:—

(i) "*Applikant*" beteken die Stadsraad van Randfontein en sy opvolgers in titel tot die dorp.

(ii) "*Woonhuis*" beteken 'n huis wat ontwerp is vir die gebruik as 'n woning deur een gesin.

4. *Staats- en munisipale erwe.*

As 'n erf genoem in klousule A 11 of erwe wat verkry word soos beoog in klousule B 1 (ii) of verkry of herverkry word soos beoog in klousule B 1 (iii) hiervan in die besit kom van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van voornoemde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad bepaal.

---

No. 266 (Administrator's), 1962.]

## PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Muckleneuk Extension No. 3 on Portion 57 of the farm Groenkloof No. 358, Registration Division J.R., District of Pretoria;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-fifth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-two.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.D. 4/8/1906.

No. 266 (Administrateurs-), 1962.]

## PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Muckleneuk Uitbreiding No. 3 te stig op Gedeelte 57 van die plaas Groenkloof No. 358, Registrasieafdeling J.R., distrik Pretoria;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Vyf-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Twee-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 4/8/1906.

## SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY CITY COUNCIL OF PRETORIA UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 57 OF THE FARM GROENKLOOF No. 358, REGISTRATION DIVISION J.R., DISTRICT OF PRETORIA, WAS GRANTED.

### A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Muckleneuk Extension No. 3.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.2383/61.

3. *Water.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire-fighting services is available, and that arrangements have been made regarding the delivery of the water and the reticulation thereof throughout the township. These arrangements shall include an undertaking by the applicant to cause a supply of water to be laid on to the street frontage of any erf in the township when called upon to do so by the owner of the erf concerned: Provided that the applicant is satisfied of the bona fide intention of such owner to build thereon within a reasonable period.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

4. *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. *Mineral Rights.*

All rights to minerals and precious stones including all rights which may be or become vested in the freehold owner to share in any proceeds which may accrue to the State from the disposal of the undermining rights of the land, and also the share of claim licence moneys and any share of rentals or profits which may accrue to any owner under any mining lease granted in respect of the land covered by the township, and the like are reserved to the applicant.

7. *Servitude of Outspan.*

The township area shall be freed from the existing servitude of outspan.

8. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

## BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE STADSRAAD VAN PRETORIA INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 57 VAN DIE PLAAS GROENKLOOF No. 358, REGISTRASIE-AFDELING J.R., DISTRIK PRETORIA, TOEGESTAAN IS.

### A—STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Muckleneuk Uitbreiding No. 3.

2. *Ontwerpplan van die dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.2383/61.

3. *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat 'n voorraad water, geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is en dat reëlings getref is in verband met die lewering van water en die pypnet daarvoor in die hele dorp. Hierdie reëlings moet 'n onderneming van die applikant insluit om 'n voorraad water tot by die straatfront van enige erf in die dorp aan te lê wanneer hy deur die eienaar van die betrokke erf daartoe aangesê word: Met dien verstande dat die applikant oortuig is dat dit die *bona fide*-voorneme van sodanige eienaar is om binne 'n redelike tydperk daarop te bou.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings uiteengesit word, moet saam met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitêre dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat reëlings getref is vir sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van afvalwater en vuilisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van die reëlings moet saam met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit.*

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat reëlings getref is vir die lewering van elektrisiteit en die distribusie daarvan in die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van die reëlings moet saam met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Minerale regte.*

Alle regte op minerale en edelgesteentes, met inbegrip van alle regte wat by die pagvry-grondbesitter berus of hierna kan berus, om te deel in die opbrengste wat moontlik aan die Staat kan toekom uit die verkoop van die mynregte oor die grond, insluitende die aandeel in kleimlisensiegelde en enige aandeel in huurgelde of winste wat moontlik aan enige eienaar kan toekom ingevolge enige mynbrief ten opsigte van die grond binne die dorp en dergelike gelde, moet deur die applikant voorbehou word.

7. *Serwituut van uitspanning.*

Die dorpsgebied moet vrygestel word van die bestaande serwituut van uitspanning.

8. *Nakoming van voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B—CONDITIONS OF TITLE.

1. *All Erven.*

The erf shall be subject to existing conditions and servitudes, including the reservation to mineral rights, but excluding—

(a) the servitude in favour of the Crown for water pipe line to "Roberts Heights";

(b) the conditions of Lease No. 79-S/1903;

(c) the conditions of the Pretoria and Military Water Supply Ordinance, 1905, and amendments thereto;

(d) the conditions of the following leases:—

33/52-L, 41/1953-L, 69/56-L, 8/57-L;

(e) the conditions of Notarial Deed No. 1183/58, in favour of the Electricity Supply Commission;

which do not affect the township.

2. *The Erven with Certain Exceptions.*

The erven with the exception of—

(i) such erven as may be acquired for State or Provincial purposes; and

(ii) such erven as may be required or re-acquired for municipal purposes, provided the Administrator, after consultation with the Board, has approved the purposes for which such erven are required;

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

(a) The local authority and any other person or body of persons so authorised, in writing, by the Administrator shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the abovementioned purpose.

(b) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.

(c) Neither the owner nor any other person shall have the right, save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(d) Except with the consent of the local authority, no animal as defined in the Local Authorities' Pounds Regulations shall be kept on the erf.

(e) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt claybrick shall be erected on the erf.

(f) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipeline or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purposes of conducting the water so discharged over the erf.

(g) Except with the consent, in writing, of the local authority the dwelling-house shall be erected on the erf within two years of the first sale of the erf: Provided that if the said dwelling-house for reasons which appear satisfactory to the local authority is not erected within the said period, the local authority may allow such extension of the time for the erection thereof as he may deem fit. All buildings shall be erected on such level, such building line and to such elevation as shall be determined by the local authority, subject to the

B—TITELVOORWAARDES.

1. *Alle erwe.*

Die erf is onderworpe aan bestaande voorwaardes en serwitute insluitende die voorbehoud van mineraleregte, maar uitgesonderd—

(a) die serwituut ten gunste van die Kroon vir Waterpypleiding na „Roberts Hoogte";

(b) die voorwaardes van Huurkontrak No. 79-S/1903;

(c) die voorwaardes van die Pretoria en Militêre Watervoorsieningsordonnansie, 1905, en wysigings daarvan;

(d) die voorwaardes van die volgende huurkontrakte:—

33/52-L, 41/1953-L, 69/56-L, 8/57-L;

(e) die voorwaardes van Notariële Akte No. 1183/58 ten gunste van die Elektrisiteitvoorsieningskommissie;

wat nie die dorpsgebied raak nie:

2. *Die erwe met sekere uitsonderings.*

Die erwe met uitsondering van—

(i) erwe wat vir Staats- of Provinsiale doeleindes verkry word; en

(ii) erwe wat vir munisipale doeleindes nodig is of herverkry word, mits die Administrateur in oorleg met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;

is onderworpe aan die verdere voorwaardes hierna genoem:—

(a) Die plaaslike bestuur en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe gemagtig is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bogemelde doel gedoen of ingestel moet word.

(b) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die aantreklikheid van die omgewing benadeel nie.

(c) Nòg die eienaar, nòg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(d) Behalwe met die toestemming van die plaaslike bestuur mag geen dier, soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, op die erf aangehou word nie.

(e) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van rou grondstene mag op die erf opgerig word nie.

(f) Waar dit volgens die mening van die plaaslike bestuur ondoenlik is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat toe af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoer wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

(g) Uitgesonderd met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur moet die woonhuis binne twee jaar van die eerste verkoping van die erf op die erf opgerig word: Met dien verstande dat, indien genoemde woonhuis om redes wat vir die plaaslike bestuur bevredigend voorkom nie binne genoemde tydperk opgerig word nie, die plaaslike bestuur sodanige verlenging van die tyd vir die oprigting daarvan kan toestaan as wat hy goedvind. Alle geboue moet opgerig word op sodanige hoogte, volgens sodanige boulyn en met sodanige opstand as wat deur die plaaslike bestuur, onderworpe aan

by-laws of the local authority. In the event of the buildings aforesaid being destroyed or damaged either wholly or in part from any cause whatever in such a manner that their value is reduced to less than R6,000 the owner shall be bound either to erect new buildings or to make such additions to existing buildings within a period to be fixed by the local authority as will restore the value of the buildings on the erf to not less than R6,000 failing which the local authority shall, in addition to any remedies the local authority may have in the event of a breach of the above provisions, have the right to erect new buildings and to make such additions to the existing buildings at the owner's expense as will restore the value of the buildings to R6,000.

(*h*) Should the dwelling-house to the value of R6,000 not be erected within the said period, the local authority shall be entitled to demand that the erf be transferred to it, and in such case the owner shall be compelled to transfer the erf to the local authority at the owner's expense, and on such transfer, the owner shall be entitled to compensation in a sum equal to the original price paid to the township owner together with the cost of improvements.

(*j*) The transferees shall not be entitled to sell or to alienate (in a manner other than by closed will) or to dispose of the erf without the prior written consent of the local authority, in granting or withholding which consent the local authority shall have an absolute discretion. Should the local authority refuse to consent to any bona fide sale, submitted for its approval by the transferee, the local authority shall be compelled to buy the erf from the transferee at the price paid by the transferee, plus interest thereon at the rate of 5 per cent, per annum, reckoned from the date on which the erf was registered in the name of the transferee, and together with such compensation for permanent improvements thereto as may be determined (failing agreement) by arbitration of the City Valuer of Pretoria: Provided that the local authority may by resolution passed, 10 years after the proclamation of the township, suspend, modify or cancel the terms of this clause.

(*k*) A vermin-proof water cistern with a capacity of not less than 150 (one hundred and fifty) gallon for the conservation of water, shall be installed in the dwelling-house, on the erf or on the roof of the dwelling-house, to the satisfaction of the local authority. Such cistern shall be fitted with a ball valve and shall be connected to the interior hot and cold water systems: Provided that the said minimum capacity of the cistern shall be increased by 20 gallons for every additional room in the house in respect of a house with more than five rooms, excluding kitchens, pantries, cloakrooms and bathrooms; water for gardening to be derived from a service pipe of a minimum size of ¾-inch before it discharges into the storage cistern.

(*l*) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings, appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved Town-planning Scheme subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required.

die verordeninge van die plaaslike bestuur, vasgestel word. Ingeval voornoemde geboue òf geheel en al òf gedeeltelik deur watter oorsaak ook al vernietig of beskadig word, op sodanige manier dat hulle waarde verminder word tot minder as R6,000 is die eienaar verplig om òf nuwe geboue op te rig òf sodanige toevoegings tot bestaande geboue te maak binne 'n tydperk wat deur die plaaslike bestuur vasgestel moet word, as wat die waarde van die geboue op die erf tot minstens R6,000 sal verhoog, in gebreke waarvan die plaaslike bestuur behalwe enige regsmiddels wat die plaaslike bestuur kan hê in geval van 'n oortreding van bostaande bepalings die reg het om nuwe geboue op te rig en sodanige toevoegings tot die bestaande geboue op koste van die eienaar te maak as wat die waarde van die geboue tot R6,000 sal verhoog.

(*h*) Indien die woonhuis ter waarde van R6,000 nie binne genoemde tydperk opgerig word nie, is die plaaslike bestuur geregtig om te eis dat die erf aan hom oorgedra word, en in so 'n geval is die eienaar verplig om die erf op koste van die eienaar aan die plaaslike bestuur oor te dra, en op sodanige oordrag is die eienaar geregtig tot vergoeding teen 'n bedrag gelykstaande met die oorspronklike prys aan die dorpseienaar betaal tesame met die koste van die verbeterings.

| (d) that in cases where one building is built over more than one erf, portion of erf, stand or lot under one ownership, the total frontages of such sites shall be added together and taken as one frontage. | |
| (3) Military camp and establishments, including air school, but excluding military hospital, per month | 144.00 |
| (4) Hospitals, nursing and convalescent homes: | |
| (a) Per each bed available for patients during the preceding year, calculated on the monthly average of beds, per month | 0.30 |
| (b) Per each staff member and servant, resident and non-resident, calculated on the monthly average of persons in service during the preceding year, per month | 0.30 |
| (5) Churches, including non-revenue producing halls on same premises, per month | 1.20 |
| (6) Halls from which revenue is derived, per month.. | 1.20 |
| (7) South African Railways and Harbours premises: | |
| (a) For each dwelling, whether detached or not, per month | 0.60 |
| (b) For every 100 square feet or part thereof, of floor area of each floor of all buildings, including those portions of platforms, under roof, but excluding grain elevator bins and buildings falling under (a) hereof, per month | 0.10 |
| (8) School clinic, per month..... | 1.20 |
| (9) Educational institutions, hostels conducted by educational institutions and charitable homes, per every 25 pupils, inmates, staff and servants or part thereof, calculated on the monthly average of pupils, inmates enrolled and persons in service during the preceding year, per month | 0.85 |
| (10) Sports clubs, in respect of grounds under their control, per club, per month | 0.60 |
| (11) Agricultural society grounds, per month..... | 0.60 |

For the purpose of these Tariffs "agricultural society" means any society having as its object the advertisement, support and promotion of agriculture.

## B.—ADDITIONAL CHARGES.

The charges specified below shall be paid by the owners of the premises concerned, except where otherwise stated, in addition to the charges specified under section A in respect of premises connected to the Council's sewers as follows:—

| | R |
|---|---|
| (1) Dwellings, whether detached or not, excluding dwellings on railway premises, gaol premises, Witrand Institution premises, College of Agriculture/Experimental Farm premises, Technical School (Vyfhoek) premises and the Housecraft School premises, per month | 0.65 |
| (2) Wholly residential flats, for every two living rooms, per month | 0.55 |
| (3) Residential flats and business premises under one roof: | |
| (a) For every two living rooms, per month..... | 0.55 |
| (b) For every 100 square feet or part thereo fof total area of each floor available for business purposes, including basement and outbuildings, per month | 0.01½ |
| (4) Boarding or lodging houses licensed to accommodate more than six persons, for every 100 square feet or part thereof of total area of each floor, including basement and outbuildings, per month | 0.03½ |
| (5) Hotels, clubs and beer halls licensed under the Liquor Act, 1928, for every 100 square feet or part thereof, of the total area of each floor, including basement and outbuildings, per month | 0.20 |

| | R |
|---|---|
| (2) Ten opsigte van iedere opgemete erf, gedeelte van 'n erf, perseel of lot, waarop geboue vir ander doeleindes as woondoeleindes bestaan en nie andersins geklassifiseer is nie, per 50 voet frontbreedte, of gedeelte daarvan, met uitsondering van geregistreerde deurgangsregte, per maand Met dien verstande— | 1.20 |
| (a) dat in die geval van terreine afgebaken vir woondoeleindes en met woonhuise en geboue vir ander doeleindes daarop, die Raad die frontbreedte moet bepaal waarop die gelde ten opsigte van sodanige ander geboue gebaseer moet word; | |
| (b) dat enige terreine wat onder paragraaf (2) in rekeninge gebring word, nie ook onder paragraaf (1) ten opsigte van dieselfde terrein in rekening gebring mag word nie; | |
| (c) dat geen gelde betaalbaar ingevolge hiervan R3.60 per maand te bowe mag gaan nie; | |
| (d) dat in gevalle waar een gebou oor meer as een erf, gedeelte van 'n erf, perseel of lot van dieselfde eienaar gebou is, die totale frontbreedtes van sodanige terreine bymekaargetel en as een frontbreedte gereken moet word. | |
| (3) Militêre kamp en inrigtings, met inbegrip van lugskool, maar met uitsluiting van militêre hospitaal, per maand | 144.00 |
| (4) Hospitale, verpleeginrigtings en herstellingsoorde: | |
| (a) Vir iedere bed beskikbaar vir pasiënte gedurende die voorafgaande jaar, bereken volgens die maandelikse gemiddelde van beddens, per maand | 0.30 |
| (b) Vir iedere personeellid en bediende, inwonend en nie-inwonend, bereken volgens die maandelikse gemiddelde aantal persone in diens gedurende die voorafgaande jaar, per maand | 0.30 |
| (5) Kerke, met inbegrip van sale op dieselfde perseel, wat geen inkomste opbring nie, per maand | 1.20 |
| (6) Sale waarvan inkomste verkry word, per maand.. | 1.20 |
| (7) Persele van Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: | |
| (a) Vir iedere woonhuis, hetsy alleenstaande al dan nie, per maand | 0.60 |
| (b) Vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van vloeroppervlakte van iedere verdieping van alle geboue, met inbegrip van dié gedeeltes van platforms onder dak, maar met uitsluiting van graansuierbakke en geboue wat onder (a) hiervan val, per maand | 0.10 |
| (8) Skoolkliniek, per maand..... | 1.20 |
| (9) Opvoedkundige inrigtings, koshuise deur opvoedkundige inrigtings gedryf, en liefdadigheidstehuise, vir iedere 25 leerlinge, bewoners, personeel en bediendes, of gedeelte daarvan, bereken volgens die maandelikse gemiddelde van ingeskrewe leerlinge, bewoners en persone in diens gedurende die voorafgaande jaar, per maand | 0.85 |
| (10) Sportklubs, ten opsigte van terreine onder hulle beheer, per klub, per maand | 0.60 |
| (11) Terreine van 'n Landbouvereniging, per maand.. | 0.60 |

Vir die toepassing van hierdie tariewe beteken „landbouvereniging", enige vereniging wat hom ten doel stel om die landbou te adverteer, te ondersteun en te bevorder.

## B.—ADDISIONELE GELDE.

Die hieronder gespesifiseerde gelde moet betaal word deur die eienaars van die betrokke persele, behalwe waar anders vermeld, benewens die gelde gespesifiseer onder afdeling A ten opsigte van persele wat by die Raad se vuilriole aangesluit is as volg:—

| | R |
|---|---|
| (1) Woonhuise, hetsy alleenstaande al dan nie, met uitsluiting van woonhuise op Spoorwegpersele, tronkpersele en persele van die Witrandinrigting, Landboukollege/Proefplaas, Tegniese Skool (Vyfhoek) en Huishoudskool, per maand | 0.65 |
| (2) Woonstelle uitsluitend vir woondoeleindes, vir iedere twee woonkamers, per maand | 0.55 |
| (3) Woonstelle vir woondoeleindes en besigheidspersele onder een dak: | |
| (a) Vir iedere twee woonkamers, per maand.... | 0.55 |
| (b) Vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van die totale oppervlakte van iedere verdieping beskikbaar vir besigheidsdoeleindes, met inbegrip van kelder verdieping en buitegeboue, per maand | 0.01½ |
| (4) Losies- of huurkamerhuise gelisensieer om meer as ses persone te huisves, vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van die totale oppervlakte van iedere verdieping met inbegrip van kelder verdieping en buitegeboue, per maand | 0.03½ |
| (5) Hotelle, klubs en biersale gelisensieer ingevolge die Drankwet, 1928, vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van die totale oppervlakte van iedere verdieping met inbegrip van kelder verdieping en buitegeboue, per maand | 0.20 |

| | R |
|---|---|
| (6) Hotels and clubs licensed under the Liquor Act, 1928, and business premises under same roof: | |
| (a) For every 100 square feet or part thereof, of total area of each floor, including basement and outbuildings available for hotel purposes, per month | 0.20 |
| (b) For every 100 square feet or part thereof, of total area of each floor including basement and outbuildings available for club purposes, per month | 0.20 |
| (c) Eor every 100 square feet or part thereof, of total area of each floor, including basement and outbuildings available for business purposes, per month | 0.01⅓ |
| (7) Business premises not otherwise classified, for every 100 square feet or part thereof, of the total area of each floor, including basement and outbuildings, available for business purposes, per month | 0.01⅓ |
| (8) Commercial laundries, cleaning and dyeing works, ice factories, mineral water factories, milk depots, refreshment rooms and dairies, for every 100 square feet or part thereof, of each floor, including basement and outbuildings available for business purposes, per month | 0.12½ |
| (9) Factories, workshops, saw mills, commercial motor garages, parking garages, buildings used solely for storage purposes and similar undertakings not otherwise classified, for every 100 square feet or part thereof, of each floor, including basement and outbuildings available for business purposes, per month | 0.01⅓ |
| (10) Malt factories, mills, produce businesses and similar undertakings not otherwise classified, comprising factory, milling, business and storage premises: | |
| (a) For every 100 square feet or part thereof, of each floor available for factory, milling and business purposes, per month | 0.03½ |
| (b) For every 100 square feet or part thereof, of each floor available for drying or sprouting purposes, per month | 0.00⅔ |
| (c) For every 100 square feet or part thereof, of each floor available for storage purposes, per month | 0.01¼ |
| (11) Military camp and establishments, including air school, but excluding military hospital: | |
| Per person up to 1,000 in camp, per month.... | 0.05⅔ |
| Per person over 1,000 up to 2,000 in camp, per month | 0.04⅔ |
| Per person over 2,000 in camp, per month.... | 0.02½ |
| based upon population figures supplied at the end of every quarter in respect of the quarter previous thereto. The above to be paid by the Government Department concerned. | |
| (12) Hospitals, nursing and convalescent homes: | |
| (a) For each bed available for patients calculated on monthly average of beds for preceding year, per month | 0.30 |
| (b) For each staff member and servant calculated on monthly average of staff and servants in service during preceding year, per month | 0.30 |
| (13) Churches, including non-revenue producing halls on same premises, for each church, per month | 1.20 |
| (14) School clinic, per month..... | 1.20 |
| (15) Halls from which revenue is derived, for every 100 square feet or part thereof, including basement and outbuildings, per month | 0.03½ |
| (16) Halls, other than church halls from which no revenue is derived, for every 100 square feet or part thereof, including basement and outbuildings, per month | 0.01⅓ |
| (17) Sports clubs, in respect of grounds under their control, per club, per month | 0.70 |
| (18) South African Railways and Harbours premises: | |
| (a) For each dwelling, whether detached or not, per month | 0.70 |
| (b) For every 100 square feet or part thereof, of floor area of each floor of all buildings, including those portions of platforms under roof, but excluding grain elevator bins and building under sub-paragraph (a), per month | 0.10 |

| | R |
|---|---|
| (6) Hotelle en klubs gelisensieer kragtens die Drankwet, 1928, en besigheidspersele onder dieselfde dak: | |
| (a) Vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van totale oppervlakte van iedere verdieping met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir hoteldoeleindes, per maand | 0.20 |
| (b) Vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van totale oppervlakte van iedere verdieping met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir klubdoeleindes, per maand | 0.20 |
| (c) Vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van totale oppervlakte van iedere verdieping met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir besigheidsdoeleindes, per maand | 0.01⅓ |
| (7) Besigheidspersele wat nie andersins geklassifiseer is nie, vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van die totale oppervlakte van iedere verdieping, met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir besigheidsdoeleindes, per maand | 0.01⅓ |
| (8) Kommersiële washuise, skoonmaak- en kleurinrigtings, ysfabrieke, mineraalwaterfabrieke, melk depots, ververssingskamers en melkerye, vir iedere 100 vierkante voet of gedeelte daarvan, van iedere verdieping, met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir besigheidsdoeleindes, per maand | 0.12½ |
| (9) Fabrieke, werkswinkels, saagmeulens, kommersiële motorgarages, parkeergarages, geboue uitsluitend vir opbergdoeleindes gebruik en soortgelyke ondernemings wat nie andersins geklassifiseer word nie, vir iedere 100 vierkante voet of gedeelte daarvan, van iedere verdieping met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir besigheidsdoeleindes, per maand | 0.01⅓ |
| (10) Moutfabrieke, meulens, produkte-besighede en soortgelyke ondernemings wat nie andersins geklassifiseer word nie, bestaande uit fabrieke-, meule-, besigheids- en opbergpersele: | |
| (a) Vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van iedere verdieping beskikbaar vir fabrieks-, meule- en besigheidsdoeleindes, per maand | 0.03½ |
| (b) Vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van iedere verdieping beskikbaar vir droog- of uitloopdoeleindes, per maand | 0.00⅔ |
| (c) Vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van iedere verdieping beskikbaar vir opbergdoeleindes, per maand | 0.01¼ |
| (11) Militêre kamp en inrigtings, met inbegrip van lugskool, maar met uitsluiting van militêre hospitaal: | |
| Per persoon tot 1,000 in die kamp, per maand.. | 0.05⅔ |
| Per persoon bo 1,000 en tot 2,000 in die kamp, per maand | 0.04⅔ |
| Per persoon bo 2,000 in die kamp, per maand.. | 0.02½ |
| gebaseer op bevolkingsyfers, verskaf aan die end van iedere kwartaal ten opsigte van die kwartaal wat daaraan voorafgaan. Bostaande is deur die betrokke Staatsdepartement betaalbaar. | |
| (12) Hospitale, verpleeginrigtings en herstellingsoorde: | |
| (a) Vir iedere bed vir pasiënte beskikbaar, bereken volgens maandelikse gemiddelde van beddens vir voorafgaande jaar, per maand | 0.30 |
| (b) Vir iedere personeellid en bediende, bereken volgens maandelikse gemiddelde van personeel en bediendes gedurende die voorafgaande jaar in diens, per maand | 0.30 |
| (13) Kerke, met inbegrip van sale op dieselfde perseel wat geen inkomste opbring nie, vir iedere kerk, per maand | 1.20 |
| (14) Skoolkliniek, per maand..... | 1.20 |
| (15) Sale waarvan inkomste verkry word, vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue, per maand | 0.03½ |
| (16) Sale, uitgesonderd kerksale, waarvan geen inkomste verkry word nie, vir iedere 100 vierkante voet of gedeelte daarvan, met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue, per maand | 0.01⅓ |
| (17) Sportklubs, ten opsigte van terreine onder hulle beheer, per klub, per maand | 0.70 |
| (18) Persele van Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: | |
| (a) Vir iedere woonhuis, hetsy alleenstaande al dan nie, per maand | 0.70 |
| (b) Vir iedere 100 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van vloeroppervlakte van iedere verdieping van alle geboue, met inbegrip van dié gedeeltes van platforms onder dak, maar met uitsluiting van graansuierbakke en geboue onder subparagraaf (a), per maand | 0.10 |

| | R |
|---|---|
| (19) Educational institutions and charitable homes, excluding hostels, for every 25 persons, comprising staff, servants and pupils or students, calculated on monthly average of pupils or students enrolled and persons in service during preceding year, per month | 0.60 |
| (20) Hostels conducted in conjunction with educational institutions, for every 25 persons comprising staff, servants and pupils or students, calculated on monthly average of persons in service and pupils or students enrolled during preceding year, per month | 0.85 |
| (21) Agricultural society grounds, per basin, water-closet and urinal while in use for agricultural society purposes, per month or part thereof | 0.60 |

C.—OTHER CHARGES.

(1) *Municipal Premises.*—Any municipal premises, excluding residential premises, shall be charged for as follows:—

| | R |
|---|---|
| (*a*) For every water-closet or basin installed in such premises other than the abattoir, per month | 1.00 |
| (*b*) For every urinal, per month..... | 1.00 |
| (*c*) For every water-closet, basin or gulley installed at the abattoir and cold storage works, per month | 2.00 |

(2) *For the gaol, Witrand Institution, the College of Agriculture/Experimental Farm, the Technical School (Vyfhoek) and the Housecraft School.*—For every water-closet or basin or urinal installed, per month: R1.

(Where the manger system is in use, each 27 inches length of the manger or gulley used as a urinal or for water-closet purposes, or which is designed for such use, shall, for the application of these tariffs, be deemed to be one urinal or water-closet equipment, as the case may be.)

(3) *For Trade Effluents.*—The owner of premises on which any trade or manufacture is carried on and from which as a result of such trade or manufacture, an effluent is discharged into the Council's sewers, shall in addition to the charges referred to in sections A and B of this Schedule, pay to the Council for the conveyance of such effluent through the Council's sewers and treatment at the Council's Sewage Disposal Works, a further charge based on the maximum strength of such effluent measured at any time during the preceding half-year, assessed in terms of the oxygen absorbed from N/80 acid potassium permanganate at 80·6 degrees Fahrenheit in accordance with the following formula:—

Charge in cents per 1,000 gallons:—

$$4 + 1{\cdot}5\,\frac{(OA - 100)}{(100)}$$

where OA = oxygen absorbed in parts per million.

In the absence of any direct measurement the quantity of trade effluent discharged into the Council's sewers in any half-year, shall be estimated and determined by the Council from the quantity of water consumed on the premises, due allowance being made for water used for domestic purposes or absorbed during the process of manufacture, or present in the final product.

D.—GENERAL.

(1) Should any dispute arise as to classification, the decision of the Council shall be final. At educational institutions where the lecture or class rooms are on the same site as the hostels, the pupils or teachers living at the hostels and attending the lectures or classes are not to be reincluded in the school returns.

(2) In cases where any charge is based upon numbers of persons or beds the heads of the institutions concerned shall furnish the Council with certified returns containing the information required for calculating such charges. Should any person, required to furnish any return in terms of these by-laws, fail to do so within 30 days after having been called upon to do so by the Town Treasurer, the Council shall have the right to make such charges under sections A or B or both as in the circumstances appear to the Council to be reasonable.

(3) Should any building be partly occupied during construction, any charges which apply in respect of such building shall be made as to 33⅓ per cent during the first month of such occupation, 66⅔ per cent during the second month and thereafter 100 per cent.

(4) Any premises which have not yet been connected up to the Council's sewers, shall be charged under section B from the date upon which the Council, by written notice, required the connection to be made or from the date upon which connection is made, whichever is the earlier. Any premises not connected by the date upon which the Council required the connection to be made shall be charged the usual fees for sanitary, vacuum or slopwater removal services rendered in addition to the charges under section B.

(5) The minimum charge under section B shall be 70c per month.

(6) The charges for Bantu schools and mission stations shall be 50 per cent of the charges under sections A and B.

(7) All charges under sections A and/or B and/or C shall be due and payable by the 30th of the month following that in respect of which the charges are raised. Interest at the rate of 7 per cent per annum shall be charged on amounts not paid on due date.

| | R |
|---|---|
| (19) Opvoedkundige inrigtings en liefdadigheidstehuise, met uitsluiting van koshuise, vir iedere 25 persone, bestaande uit personeel, bediendes en leerlinge of studente, bereken volgens maandelikse gemiddelde van ingeskrewe leerlinge of studente en persone gedurende die voorafgaande jaar in diens, per maand | 0.60 |
| (20) Hostels, tesame met opvoedkundige inrigtings gedrywe, vir iedere 25 persone bestaande uit personeel, bediendes en leerlinge of studente, bereken volgens maandelikse gemiddelde van persone in diens en leerlinge of studente ingeskryf gedurende voorafgaande jaar, per maand | 0.85 |
| (21) Terreine vir landbouvereniging, per bak, spoelkloset en urinaal terwyl dit in gebruik is vir doeleindes van die landbouvereniging, per maand of gedeelte daarvan | 0.60 |

C.—ANDER GELDE.

(1) *Munisipale persele.*—Vir enige munisipale persele, met uitsluiting van persele vir woondoeleindes, is die gelde as volg:—

| | R |
|---|---|
| (*a*) Vir iedere spoelkloset of bak wat in sodanige persele, behalwe in die abattoir, geïnstalleer is, per maand | 1.00 |
| (*b*) Vir iedere urinaal, per maand..... | 1.00 |
| (*c*) Vir iedere spoelkloset, bak of geut by die abattoir en koelkamerinrigting geïnstalleer, per maand | 2.00 |

(2) *Vir die tronk, Witrandinrigting, die Landboukollege/Proefplaas, die Tegniese Skool (Vyfhoek) en die Huishoudskool.*—Vir iedere spoelkloset of bak of urinaal geïnstalleer, per maand: R1.

(Waar die kripstelsel gebruik word, word elke stuk van 27 duim lank van die krip of geut wat as urinaal of vir spoelklosetdoeleindes gebruik word of vir sodanige gebruik ontwerp is, vir die toepassing van hierdie tariewe beskou as een urinaal of spoelkloset-uitrusting, al na die geval.)

(3) *Vir bedryfsuitvloeisel.*—Die eienaar van persele wat vir bedryfs- of vervaardigingsdoeleindes gebruik word, en van waar daar as gevolg van die bedryf of vervaardigingswerk 'n uitvloeisel in die Raad se vuilriole ontlas word, moet benewens die bedrae wat in afdelings A en B van hierdie Bylae aangegee is, aan die Raad ten opsigte van die afvoer in die Raad se vuilriole, en die behandeling op die Raad se rioolslykwerke van die uitvloeisel 'n verdere bedrag betaal wat gebaseer word op die maksimum sterkte van die uitvloeisel, gemeet te eniger tyd gedurende die voorafgaande halfjaar en wat volgens die suurstof wat uit N/80 aangesuurde kaliumpermanganaat oplossing op 80·6 grade Fahrenheit geabsorbeer is, en wat ooreenkomstig die volgende formule bereken word:—

Geld in sente bereken per 1,000 gellings:—

$$4 + 1{\cdot}5\,\frac{(OA - 100)}{(100)}$$

waar OA = suurstof wat in dele per miljoen geabsorbeer word.

Indien die hoeveelheid bedryfsuitvloeisel wat gedurende enige halfjaar in die Raad se vuilriole ontlas is, nie regstreeks gemeet is nie, moet die Raad dit raam volgens die hoeveelheid water wat op die perseel verbruik is, met behoorlike inagneming van die water wat vir huishoudelike doeleindes gebruik is, of wat tydens die vervaardigingsproses geabsorbeer is, of wat in die finale produk aanwesig is.

D.—ALGEMEEN.

(1) Indien daar enige geskil ten opsigte van klassifikasie ontstaan, berus die eindbeslissing by die Raad. By opvoedkundige inrigtings waar die voorlesings- of klaskamers op dieselfde terrein as die koshuise geleë is, moet die leerlinge en onderwysers wat in die koshuise inwoon en die lesings of klasse bywoon, nie by die skoolopgawes herinbegrepe word nie.

(2) In gevalle waar enige gelde op aantalle van persone of beddens gebaseer is, moet die hoofde van die betrokke inrigtings aan die Raad gesertifiseerde opgawes verskaf wat die informasie bevat wat vir die berekening van sodanige gelde vereis word. Indien enige persoon van wie 'n opgawe kragtens hierdie verordeninge verlang word, in gebreke bly om dit te lewer binne 30 dae nadat hy deur die Stadstesourier aangesê is om dit te doen, het die Raad die reg om sodanige gelde onder afdelings A of B of beide in rekening te bring as wat die Raad in die omstandighede redelik ag.

(3) Indien enige gebou gedurende die oprigting daarvan gedeeltelik bewoon word, moet enige gelde wat ten opsigte van sodanige gebou van toepassing is, in rekening gebring word tot op 33⅓ persent gedurende die eerste maand van sodanige bewoning, 66⅔ persent gedurende die tweede maand en daarna 100 persent.

(4) Vir enige perseel wat nog nie by die Raad se vuilriole aangesluit is nie, moet gelde betaal word ingevolge afdeling B van die datum af waarop die Raad by skriftelike kennisgewing verlang het dat die aansluiting gemaak moes word, of van die datum af waarop die aansluiting gemaak word, watter datum ook al die vroegste is. Vir enige perseel wat nog nie aangesluit is op die datum waarop die Raad die aansluiting verlang het nie, moet die gewone gelde in rekening gebring word vir gelewerde sanitêre, vakuum- of vuilwaterverwyderingsdienste, benewens die gelde ingevolge afdeling B.

(5) Die minimum gelde onder afdeling B is 70c per maand.

(6) Die gelde vir Bantoeskole en sendingstasies is 50 persent van die gelde onder afdelings A en B.

(7) Alle gelde onder afdelings A en/of B en/of C is verskuldig en betaalbaar voor of op die 30ste van die maand wat volg op dié ten opsigte waarvan die gelde gehef word. Rente teen 7 persent per jaar word in rekening gebring op bedrae wat nie op die vervaldatum betaal is nie.

SCHEDULE C.

(Applicable to the Potchefstroom Municipality only.)

WORK CHARGES.

TABLE.

| | R |
|---|---|
| 1. Sealing openings [section 15 (3)]..... | 3.00 per connection. |
| 2. Removing blockages [section 18 (5)]: | |
| (i) *Weekdays:* | |
| For the first half-hour after the beginning of the work | 2.00 |
| For every half-hour of work thereafter..... | 1.00 |
| (ii) Sundays and public holidays: | |
| *For the first half-hour as aforesaid*..... | 3.00 |
| For every half-hour thereafter..... | 2.00 |

1. In terms of section 10 of these by-laws the charges set out in the right-hand column of the table shall be payable for work described in the left-hand column thereof which is carried out by the Council in terms of the by-laws specified.

2. The owner of the property on or in respect of which the work referred to in rule 1 is carried out shall be liable to the Council for the charge relating thereto.".

II. The Drainage Charges applicable to the Potchefstroom Municipality, published under Administrator's Notice No. 127, dated the 31st March, 1943, are hereby revoked.

T.A.L.G. 5/34/26.

---

Administrator's Notice No. 718.] [17 October 1962.

VANDERBIJLPARK MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the following by-laws, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance:—

VANDERBIJLPARK MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS.

I. Amend the Drainage and Plumbing By-laws, applicable to the Vanderbijlpark Municipality, published under Administrator's Notice No. 509, dated the 1st August, 1962, by the addition of the following at the end of the by-laws:—

SCHEDULE A.

(*Applicable to the Vanderbijlpark Municipality only.*)

APPLICATION FEES.

1. The fees set out in rule 3 of this Schedule shall be payable in terms of sub-section (1) of section 11 of these by-laws in respect of every application made under section 6, and shall be paid by the person by or on behalf of whom the application is made.

2. The Engineer shall assess the fees payable in respect of applications received in terms of section 6 of these by-laws in accordance with rule 3 hereof, or in any special case as nearly as may be in accordance therewith: Provided that any person aggrieved by any such assessment shall have the right to appeal to the Council.

| | R |
|---|---|
| 3. (i) The minimum fee payable in respect of any application as aforesaid shall be | 1.00 |
| (ii) Subject to the obligation to pay a minimum fee as prescribed in paragraph (i), the fees payable in respect of any application as aforesaid shall be the following:— | |
| (*a*) For every 400 or part of that number of square feet of the floor area of the basement and ground floor storeys of any building to be served by, or the use of which will, whether directly or indirectly be associated with the use of, the drainage installation | 0.50 |
| (*b*) For every 400 or part of that number of square feet of the floor area of all other storeys of a building as described in sub-paragraph (*a*) | 0.20 |

BYLAE C.

(Van toepassing slegs op die Munisipaliteit Potchefstroom.)

GELDE VIR WERK.

TABEL.

| | R |
|---|---|
| 1. Die verseeling van openings [artikel 15 (3)]..... | 3.00 per opening. |
| 2. Die oopmaak van verstopte perseelriole (artikel 18 (5)]: | |
| (i) Op weeksdae: | |
| Vir die eerste halfuur nadat daar met die werk begin is | 2.00 |
| Vir iedere halfuur wat daarna gewerk word.. | 1.00 |
| (ii) Op Sondae en openbare vakansiedae: | |
| Vir die eerste halfuur, soos voornoem..... | 3.00 |
| Vir iedere halfuur daarna..... | 2.00 |

1. Die gelde wat in die regterkantste kolom van hierdie tabel uiteengesit word, is ingevolge die bepalings van artikel 10 van hierdie verordeninge betaalbaar vir die werk wat in die linkerkantste kolom daarvan beskryf word en wat die Raad ingevolge die gemelde artikels verrig.

2. Die eienaar van die eiendom waarop, of ten opsigte waarvan, die werk waarna daar in reël 1 verwys word, verrig word, is vir die toepaslike geld teenoor die Raad aanspreeklik.

II. Die Rioleringsgelde van toepassing op die Munisipaliteit Potchefstroom, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 127, van 31 Maart 1943, word hierby herroep.

T.A.L.G. 5/34/26.

---

Administrateurskennisgewing No. 718.] [17 Oktober 1962.

MUNISIPALITEIT VANDERBIJLPARK. — WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die volgende verordeninge, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is: —

MUNISIPALITEIT VANDERBIJLPARK.—WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE.

I. Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge, van toepassing op die Munisipaliteit Vanderbijlpark, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 509, van 1 Augustus 1962, word hierby gewysig deur die volgende aan die einde van die verordeninge toe te voeg: —

BYLAE A.

(Van toepassing slegs op die Munisipaliteit Vanderbijlpark.)

AANSOEKGELDE.

1. Die gelde wat in reël 3 van hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge subartikel (1) van artikel 11 van hierdie verordeninge betaalbaar ten opsigte van iedere aansoek wat ingevolge artikel 6 van hierdie verordeninge ingedien word, en moet betaal word deur die persoon deur wie of namens wie die aansoek gedoen word.

2. Die Ingenieur moet die gelde wat betaalbaar is ten opsigte van aansoeke wat ingevolge artikel 6 van hierdie verordeninge ontvang word, ooreenkomstig reël 3 hiervan of, in 'n spesiale geval, so na as moontlik ooreenkomstig genoemde reël 3 bereken: Met dien verstande dat enigiemand wat voel dat hy deur so 'n berekening benadeel is, by die Raad daarteen appèl kan aanteken.

| | R |
|---|---|
| 3. (i) Die minimum bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van enige aansoek, soos voornoem, bedra | 1.00 |
| (ii) Behoudens die verpligting om 'n minimum bedrag, soos voorgeskryf by paragraaf (i) te betaal, is die volgende gelde betaalbaar ten opsigte van enige aansoek soos voornoem:— | |
| (*a*) Vir iedere 400 vierkante voet of gedeelte daarvan, van die vloeroppervlakte van die kelder- en grondverdieping van enige gebou wat bedien gaan word deur, of waarvan die gebruik regstreeks of onregstreeks sal saamgaan met die gebruik van, die rioolstelsel | 0.50 |
| (*b*) Vir iedere 400 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van die vloeroppervlakte van alle ander verdiepings van 'n gebou, soos dit by sub-paragraaf (*a*) omskryf word | 0.20 |

| | R |
|---|---|
| (iii) The fees payable in respect of any application for an alteration, not amounting to a reconstruction, of, or for additions to, an existing drainage installation shall be the following:— | |
| For each storey of a building as described in sub-paragraph (ii) of paragraph (*a*) of this rule | 1.00 |
| (iv) The fee payable in respect of every application made in terms of sub-section 2 of section 8 shall be | 1.00 |

SCHEDULE B.

(Applicable to the Vanderbijlpark Municipality only.)

DRAINAGE CHARGES.

PART I.

GENERAL RULES REGARDING CHARGES.

1. The charges set out in this Schedule shall in terms of section 10 of these by-laws be payable in respect of the Council's sewers and sewage-purification works; and the owner of the property to which any charge relates shall be liable therefor.

2. The word "half-year" in this Schedule means the period of six months beginning on the 1st January or the 1st July, as the case may be, and the charges due in respect of each such half-year are due and payable on or before the 15th February or the 15th August, as the case may be: Provided that where a connection is made available or a connection is made to the Council's sewers during a half-year the charges in respect thereof shall become due and payable on the next succeeding half-yearly date of payment: Provided further that the charges imposed in terms of Part IV of this Schedule shall be payable half-yearly in arrear.

3. Where any person who is required to furnish a return in terms of this Schedule or to provide such other information as may be necessary to enable the Council to determine the charges to be made under this Schedule fails to do so within 30 days after having been called upon to do so by notice in writing, he shall pay such charges as the Council shall assess on the best information available to it.

4. In all cases of dispute as to the part or category of this Schedule which is applicable, or as to the date from which any part or category is applicable, to any premises the decision of the Engineer shall be decisive subject to a right in the owner to appeal against his decision to the Council

5. The charges imposed under Parts III, IV and V of this Schedule shall remain effective in the case of buildings wholly unoccupied or in course of demolition until the date on which the Council is asked to seal the opening to the Council's sewer.

6. Where any change, other than a change as referred to in rule 5, is made in the nature of the occupation or the use of any premises which requires the application of a different head of charge in terms of this Schedule, no claim for any adjustment of an account rendered or any refund of moneys paid in terms of this Schedule shall be entertained by the Council unless notice in writing of the change is given to the Council within 30 days of the date of its occurrence.

7. In the case of premises or places connected to the Council's sewerage system and not falling under any of the categories enumerated in this Schedule the charge to be imposed by the Council shall, regard being had to the nature of the premises, correspond as closely as possible with the provisions of this Schedule.

8. Interest at the rate of 7 per cent per annum shall be charged on all accounts not paid on due date.

PART II.

CHARGES IN RESPECT OF SEWERS WHICH ARE AVAILABLE.

1. For the purposes of this Part of this Schedule: "piece of land" means any piece of land registered in a deeds registry as an erf, lot, stand or other area, or as a portion of such erf, lot, stand or other area, or any defined portion, not intended as a public place, of a piece of land proclaimed as a township, or of a piece of land which is held under mining title or which, being proclaimed land not held under mining title, is used for residential purposes or for purposes not incidental to mining operation.

2. The owner of any piece of land shall, where such land is connected or in the opinion of the Council is capable of being connected with the Council's sewers, pay to the Council half-yearly in advance a basic fee in respect of every separate piece of land, as follows:—

| | *Basic Half-yearly Charge.* R |
|---|---|
| (1) Each erf or piece of land reserved for single dwellings, schools, sportgrounds or churches in extent not exceeding 10,000 Cape square feet | 6.50 |
| For each piece of land in excess of 10,000 Cape square feet but not exceeding 20,000 Cape square feet an additional 50 cents for every additional 2,000 Cape square feet or part thereof. | |

| | R |
|---|---|
| (iii) Die volgende gelde is betaalbaar ten opsigte van enige aansoek om 'n bestaande rioolstelsel te kan verbou (uitgesonderd die herbouing daarvan), of om aanbouingswerk daaraan te kan verrig:— | |
| Vir iedere verdieping van 'n gebou, soos dit by subparagraaf (ii) van paragraaf (*a*) van hierdie reël omskryf word | 1.00 |
| (iv) Die volgende bedrag is betaalbaar ten opsigte van iedere aansoek wat ingevolge subartikel (2) van artikel 8 ingedien word | 1.00 |

BYLAE B.

(Van toepassing slegs op die Munisipaliteit Vanderbijlpark.)

RIOLERINGSGELDE.

DEEL I.

DIE ALGEMENE REËLS BETREFFENDE GELDE.

1. Die gelde wat in hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge die bepalings van artikel 10 van hierdie verordeninge ten opsigte van die Raad se vuilriole en rioolvuilsuiweringswerke betaalbaar, en die eienaar van die eiendom waarop die gelde betrekking het, is daarvoor aanspreeklik.

2. Waar die woord „ halfjaar " in hierdie Bylae voorkom, beteken dit die tydperk van ses maande wat op 1 Januarie of op 1 Julie, na gelang van die geval, begin, en die gelde ten opsigte van iedere sodanige halfjaar is verskuldig en betaalbaar voor of op die 15de Februarie of die 15de Augustus, na gelang van die geval: Met dien verstande dat waar 'n aansluiting by die Raad se vuilriole beskikbaar is of aangesluit is gedurende 'n halfjaar, die gelde ten opsigte daarvan verskuldig en betaalbaar is aan die begin van die eersvolgende halfjaar: Voorts, met dien verstande dat die gelde wat ingevolge Deel IV van hierdie Bylae gehef word, halfjaarliks agteruit betaal moet word.

3. Iemand wat gelas word om ingevolge hierdie Bylae 'n opgawe in te dien of ander inligting te verstrek wat die Raad nodig het om die gelde ingevolge hierdie Bylae te kan bereken, en wat versuim om dit te doen binne 30 dae nadat hy skriftelik kennis ontvang het om dit te doen, moet die gelde betaal wat die Raad met die beste inligting tot sy beskikking bereken.

4. In alle geskille wat ontstaan oor die deel of kategorie van hierdie Bylae wat van toepassing is, of oor die datum waarop enige deel of kategorie van toepassing is, op enige perseel, is die beslissing van die Ingenieur beslissend: Met dien verstande dat die eienaar in so 'n geval die Raad teen sy beslissing appèl kan aanteken.

5. Die gelde wat by Dele III, IV en V van hierdie Bylae gehef word, bly in die geval van geboue wat heeltemal leeg staan of gesloop word, van krag tot op die datum waarop die Raad gevra word om die betrokke opening in die Raad se vuilriool te verseël.

6. Ingeval daar 'n verandering, uitgesonderd 'n verandering soos die waarna daar in reël 5, verwys word, plaasvind in die aard van die okkupasie of die gebruik van 'n perseel, en so 'n verandering meebring dat 'n ander tarief ingevolge hierdie Bylae daarop van toepassing gemaak moet word, oorweeg die Raad geen eis vir die verandering van 'n rekening wat reeds gelewer is of vir die terugbetaling van gelde wat betaal is ingevolge hierdie Bylae nie, tensy die Raad binne 30 dae nadat so 'n verandering plaasgevind het, skriftelik daarvan in kennis gestel is.

7. In die geval van persele of plekke wat met die Raad se vuilrioolstelsel verbind is, en wat nie ressorteer onder enigeen van die kategorieë wat in hierdie Bylae uiteengesit word nie, moet die geld wat die Raad vorder, met inagneming van die aard van die perseel, so na as moontlik ooreenstem met die bepalings van hierdie Bylae.

8. Rente teen 7 persent per jaar moet op alle onbetaalde rekeninge gehef word wat nie op die vasgestelde datum betaal is nie.

DEEL II.

DIE GELDE TEN OPSIGTE VAN BESKIKBARE VUILRIOLE.

1. Vir die toepassing van hierdie Deel van hierdie Bylae beteken: „ stuk grond " enige stuk grond wat in 'n aktekantoor geregistreer is as 'n erf, lot, standplaas, of ander gebied, of as 'n gedeelte van so 'n erf, lot, standplaas of ander gebied, of as 'n omskrewe gedeelte, wat nie as 'n openbare plek bedoel is nie, van 'n stuk grond wat as 'n dorp geproklameer is, of van 'n stuk grond wat kragtens 'n mynbrief gehou word of wat geproklameerde grond is wat nie kragtens 'n mynbrief gehou word nie en wat vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie met mynboubedrywighede in verband staan nie, gebruik word.

2. Die eienaar van enige stuk grond waar sodanige grond met die Raad se vuilriole verbind is of na die mening van die Raad verbind kan word, moet halfjaarliks 'n basiese geld ten opsigte van elke afsonderlike stuk grond aan die Raad vooruitbetaal, as volg:—

| | *Basiese half-jaarlikse gelde.* R |
|---|---|
| (1) Elke erf of stuk grond bedoel vir enkel huise, skole, sportterreine of kerke wat nie groter as 10,000 Kaapse vierkante voet is nie | 6.50 |
| Vir elke stuk grond groter as 10,000 Kaapse vierkante voet maar wat nie 20,000 Kaapse vierkante voet oorskry nie, 'n addisionele geld van 50 sent vir elke bykomende 2,000 Kaapse vierkante voet of gedeelte daarvan. | |

| | Basic Half-yearly Charge. R |
|---|---|
| For areas of land in excess of 20,000 Cape square feet but not exceeding 44,000 Cape square feet an additional 25 cents for every additional 2,000 Cape square feet or part thereof. | |
| For any piece of land in excess of 44,000 Cape square feet an additional 20 cents for every 2,000 Cape square feet or part thereof, to a maximum of | 100.00 |
| (2) Erven reserved for or being used for multipurpose housing (i.e. erven on which any or all of the following may be erected: Houses, row-houses or flats). For each 10,000 Cape square feet or part thereof | 6.50 |
| (3) Erven or land reserved for or on which semi-detached houses are erected | One and one half times the charge levied under (1). |
| (4) Land or erven reserved for or used for purposes not included under (1), (2) or (3) or for industrial purposes in a residential or business area i.e. generally for general residential, business or government purposes | Twice the charge levied under (1). |
| (5) Land in excess of one acre reserved for or used for industrial purposes and erven in an industrial township reserved for industrial purposes: | |
| For the first acre | 20.00 |
| For the next four acres | 15.00 per acre or part thereof. |
| For the next five acres | 10.00 per acre or part thereof. |
| For the next five acres | 5.00 per acre or part thereof. |
| Thereafter | 2.00 per acre or part thereof. |
| (6) In areas for Bantu occupation per stand of 4,000 Cape square feet or part thereof | 2.00 |

## PART III.

### ADDITIONAL CHARGES.

1. Every owner shall pay half-yearly an additional charge in respect of every existing sewer point in premises connected to the Council's sewers. ("Point" means every water-closet basin, squat pan, slop-hopper and each two feet or part thereof of a urinal.)

| | R |
|---|---|
| (1) Each erf or piece of land reserved for single dwellings, schools, sportsgrounds or churches | 2.00 |
| (2) Erven reserved for or being used for multipurpose housing (i.e. erven on which any or all of the following may be erected: houses, row-houses or flats) | 4.00 |
| (3) Erven or land reserved for or on which semi-detached houses are erected | 2.00 |
| (4) Land or erven reserved for or used for purposes not numbered under (1), (2) or (3) or for industrial purposes in a residential or business area, i.e. generally for general residential, business or government purposes | 4.00 |
| (5) Land in excess of one acre reserved for or used for industrial purposes and erven in an industrial township reserved for industrial purposes | 4.00 |
| (6) In areas for Bantu occupation | 1.00 |

## PART IV.

### INDUSTRIAL EFFLUENTS.

The following rules shall be applicable for the purposes of subsection (1) of section 22 of these by-laws in connection with and for the determination of charges payable for the conveyance and treatment of industrial effluents:—

1. The owner or occupier of premises on which any trade or industry is carried on and from which, as a result of such trade or industry or of any process incidental thereto, any effluent is discharged into the Council's sewer shall, in addition to any other charges for which he may be liable in terms of this Schedule, pay to the Council an industrial effluent charge which shall be calculated in accordance with the following formula:—

Charge in cents per 1,000 gallons consumed $= {}^{5}/_{6}(5 + 0.02 \times OA)$ where OA is the arithmetic average of the strengths determined as specified in rule 3 of not less than four grab samples of effluent taken at any time during the half-year:

Provided that the Council may in its sole discretion in any given case impose the minimum charge prescribed by rule 8 without taking any samples of the effluent.

| | Basiese halfjaarlikse gelde. R |
|---|---|
| Vir gronddele groter as 20,000 Kaapse vierkante voet maar wat nie groter as 44,000 Kaapse vierkante voet is nie, 'n addisionele geld van 25 sent vir elke bykomende 2,000 Kaapse vierkante voet of gedeelte daarvan. | |
| Vir enige stuk grond groter as 44,000 Kaapse vierkante voet 'n addisionele geld van 20 sent vir elke bykomende 2,000 Kaapse vierkante voet of gedeelte daarvan tot 'n maksimum van | 100.00 |
| (2) Erwe bedoel of gebruik vir veelvuldige behuising (d.w.s. erwe waarop enige of almal van die volgende opgerig mag word—huise, ryhuise of woonstelle). Vir elke 10,000 Kaapse vierkante voet of gedeelte daarvan | 6.50 |
| (3) Erwe of grond bedoel vir of waarop tweelinghuise opgerig is | Anderhalf die gelde gehef onder (1). |
| (4) Erwe of grond bedoel of gebruik vir enige ander doel nie onder (1), (2) of (3) getel nie of vir nywerheidsgebruik in 'n woon- of besigheidsgebied, d.w.s. in die algemeen vir algemenewoon-, besigheids- of regeringsdoeleindes bedoel | Tweekeer die gelde gehef onder (1). |
| (5) Grond groter as een acre bedoel of gebruik vir nywerheidsdoeleindes en erwe in 'n nywerheidsdorpgebied bedoel vir nywerheidsgebruik: | |
| Vir die eerste acre | 20.00 |
| Vir die volgende vier acres | 15.00 per acre of gedeelte daarvan. |
| Vir die volgende vyf acres | 10.00 per acre of gedeelte daarvan. |
| Vir die volgende vyf acres | 5.00 per acre of gedeelte daarvan. |
| Daarna | 2.00 per acre of gedeelte daarvan. |
| (6) In Bantoegebiede per standplaas van 4,000 Kaapse vierkante voet of gedeelte daarvan | 2.00 |

## DEEL III.

### BYKOMENDE GELDE.

1. Elke eienaar moet halfjaarliks 'n addisionele heffing ten opsigte van elke vuilrioolpunt op persele met die Raad se vuilriole verbind, betaal ('n „punt" beteken elke spoelklosetbak, hurkbak, vuilwatertregter en elke twee voet of gedeelte daarvan van 'n urinaal).

| | R |
|---|---|
| (1) Elke erf of stuk grond bedoel vir enkel huise, skole, sportterreine of kerke | 2.00 |
| (2) Erwe bedoel of gebruik vir veelvuldige behuising (d.w.s. erwe waarop enige of almal van die volgende opgerig kan word—huise, ryhuise of woonstelle) | 4.00 |
| (3) Erwe of grond bedoel vir of waarop tweelinghuise opgerig is | 2.00 |
| (4) Erwe of grond bedoel of gebruik vir enige ander doel nie onder (1), (2) of (3) getel nie of vir nywerheidsgebruik in 'n woon- of besigheidsgebied, d.w.s. in die algemeen vir algemene woon- en besigheids- of regeringsdoeleindes bedoel | 4.00 |
| (5) Grond groter as een acre bedoel of gebruik vir nywerheidsdoeleindes en erwe in 'n nywerheidsdorpsgebied bedoel vir nywerheidsgebruik | 4.00 |
| (6) In gebiede vir Bantoeokkupasie | 1.00 |

## DEEL IV.

### FABRIEKSUITVLOEISEL.

Onderstaande reëls geld vir die toepassing van subartikel (1) van artikel 22 in verband met en vir die berekening van die gelde, wat vir die wegvoer en behandeling van fabrieksuitvloeisel betaalbaar is:—

1. Die eienaar of okkupeerder van persele waarop daar 'n bedryf of nywerheid uitgeoefen word en waarvandaan daar, ten gevolge van so 'n bedryf of nywerheid of van 'n proses wat daarmee gepaard gaan, uitvloeisel in die Raad se vuilriool ontlas word, moet, benewens die ander gelde waarvoor hy ingevolge hierdie Bylae aanspreeklik is, aan die Raad 'n fabrieksuitvloeiselgeld betaal wat bereken word ooreenkomstig die volgende formule:—

(2) Alle geld wat ten bate van die fondse ontvang word, moet by die bank of banke inbetaal word, en alle tjeks wat op die rekening of rekenings getrek word, moet geteken wees deur een lid van die komitee en òf die sekretaris/tesourier, die assistent-sekretaris/tesourier òf enige ander amptenaar wat deur die komitee aangestel is.

*Belegging van geld.*

44. (1) Die komitee kan al die geld wat nie onmiddellik ter dekking van die fondse se lopende verpligtinge nodig is nie, behoudens die bepalings van artikel *negentien* van die Wet, na goeddunke belê, maar die komitee se keuse van die beleggingsmoontlikhede is tot die volgende beperk:—

(i) Vaste deposito's, spaarrekenings van enige bank wat beheer word deur die wette van die Republiek van Suid-Afrika, met inbegrip van die Nasionale Finanskorporasie van Suid-Afrika wat ingevolge die Wet op die Nasionale Finanskorporasie, 1949, gestig is, en deur die Administrateur goedgekeur;

(ii) aandele, vaste deposito's en spaarrekenings van enige bougenootskap wat ingevolge die Bouverenigingswet, 1934, gestig is;

(iii) wissels, verbande, sertifikate, skuldbriewe of effekte wat uitgereik of gewaarborg word deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika of enige Provinsiale Administrasie;

(iv) deposito's in die posspaarbank van die Republiek van Suid-Afrika;

(v) effekte van, of lenings aan, of deposito's by enige plaaslike owerheid in die Republiek van Suid-Afrika wat geïnkorporeer of opreg is by of ingevolge enige algemene of spesiale wet, ordonnansie of wetsvoorskrif;

(vi) skuldbriewe of effekte van enige waterwerke, elektrisiteitsvoorsieningskorporasie of ander korporasie wat ingevolge spesiale wetsvoorskrifte binne die Republiek van Suid-Afrika gestig is;

(vii) die aankoop van vaste eiendom, met inbegrip van die aankoop van grond en die oprigting van geboue daarop;

(viii) eerste verbande op vaste eiendom in die Republiek van Suid-Afrika op voorwaardes wat die komitee van tyd tot tyd bepaal: Met dien verstande dat geld voorgeskiet mag word teen sekuriteit van vaste eiendom wat reeds met 'n verband of verbande beswaar is, mits al sulke voorgaande verbande deur die fondse gehou word.

(2) Die komitee mag nie meer as 75 persent van die markwaarde van die eiendom wat verhipotekeer gaan word en, hierbenewens behoudens die bepalings van subartikel (3), ook nie meer as 75 persent van die markwaarde van enige aanvullende sekuriteite op 'n verband op vaste eiendom voorskiet nie: Met dien verstande dat die totale bedrag wat voorgeskiet word, nie die markwaarde van die vaste eiendom oorskry nie.

(3) „aanvullende sekuriteit" beteken vir die toepassing van subartikel (2)—

(i) die afkoopwaarde van enige lewensversekeringspolis wat uitgereik is deur, en van krag is by, 'n geregistreerde versekeningsmaatskappy wat deur die komitee goedgekeur is, wat sake in die Republiek van Suid-Afrika doen en wat beheers word deur wette van die Republiek van Suid-Afrika;

(ii) die sessie, deposito of verpand van enige klas belegging wat ingevolge subartikel (1) tot die komitee se beskikking is;

*Calculation of Benefit.*

35. A member who retires or is retired in terms of rules 36 and 37 shall receive a benefit comprising the following amounts: —

(i) Twice his own contributions; and

(ii) the total of the shares of profits credited to him in terms of rule 41; and

(iii) a sum represented by interest at 4 per cent per annum on the total amount standing to his credit in the books of the fund for each completed month of contributory service since the date of the last valuation of the fund in terms of rule 41.

*Retirement on Attaining the Prescribed Age or Length of Service or the Pensionable Age.*

36. (1) Any member who has attained the age of 55 years or has completed not less than 25 years' contributory service may, notwithstanding the provisions of sub-sections (1) and (2) of Rule 19, retire and receive a benefit calculated in terms of rule 35.

(2) A member who has attained the pensionable age shall retire and receive a benefit calculated in terms of rule 35: Provided that the proviso to sub-section (2) and the provisions of sub-section (3) of rule 16 shall *mutatis mutandis* apply to members of the Provident Fund.

*Retirement Due to Ill-health, etc.*

37. A member who is compelled to retire from the service of the Council—

(i) on the grounds of ill-health; or

(ii) on account of retrenchment due to a reduction in or re-organisation of his department;

shall be entitled to receive a benefit calculated in terms of rule 35.

*Voluntary Retirement.*

38. A member to whom the provisions of sub-sections (1) and (2) of rule 19 and rules 36 and 37 do not apply and who retires voluntarily from the service of the Council shall be entitled to an amount equal to twice his own contributions.

*Death of Member.*

39. (1) If a member dies, his dependants (if any) shall be entitled to receive the amount that would have been payable to the member had he been retired in terms of rule 37 on the date of his death.

(2) If there are no dependants or if in terms of sub-section (4) of rule 25 no dependants are considered to exist, the amount of the deceased's contributions shall, if there are intestate heirs or an heir appointed by will, be paid to his estate or, if there are no such heirs, be retained by the fund and there shall thereafter be no further claim on the fund or the Council in respect of such deceased member.

*Medical Examinations, Contributions, Dismissal and Other Matters.*

40. The provisions of sub-section (3) of rule 10, sub-sections (7), (8), (9) and (10) of rule 11, the provisions of rules 13, 25, 26 and 31, and subject to the provisions of sub-section (1) of rule 36 the provisions of sub-sections (1) and (2) of rule 19 shall *mutatis mutandis* apply to the Provident Fund and the members of such fund.

*Valuation of the Fund.*

41. A valuation of the fund shall be made by an actuary as at 31st December, 1961, and every year thereafter and any profit (including interest on the moneys of the fund and such part of a member's credit as is not paid as a benefit) earned by the fund since the preceding valuation shall be allocated among the members in proportion to the total contributions paid by and in respect of each member during the whole period of his membership, and such amounts shall be credited to the members, but shall only be paid out in the circumstances specified in rules 36, 37 and 39.

*Berekening van voordele.*

35. 'n Lid wat ingevolge artikels 36 en 37 uit die diens tree of afgedank word, ontvang 'n voordeel wat as gevolg bereken word: —

(i) Twee keer sy eie bydraes; en

(ii) die hele bedrag van die deel van die winste wat hom ingevolge artikel 41 toekom; en

(iii) 'n bedrag wat gelykstaan met 4 persent rente per jaar op sy totale kreditbedrag in die boeke van die fonds vir iedere voltooide maand van sy bydratermyn sedert die jongste waardering van die fonds ingevolge artikel 41.

*Aftrede wanneer die voorgeskrewe ouderdom of pensioenouderdom bereik is, of dienstydperk verstryk het.*

36. (1) 'n Lid wat die ouderdom van 55 jaar bereik het, of van wie die bydrae-termyn minstens 25 jaar is, kan, ondanks die bepalings van subartikels (1) en (2) van artikel 19, uit die diens tree en moet dan 'n voordeel wat ingevolge artikel 35 bereken is, ontvang.

(2) 'n Lid wat die pensioenouderdom bereik het, moet aftree en ontvang dan 'n voordeel wat ingevolge artikel 35 bereken is: Met dien verstande dat die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) en die bepalings van subartikel (3) van artikel 16 *mutatis mutandis* vir lede van die Voorsieningsfonds geld.

*Aftrede weens sieklikheid, ensovoorts.*

37. 'n Lid wat verplig is om uit die stadsraad se diens te tree—

(i) weens sieklikheid; of

(ii) vanweë personeelinkorting ten gevolge van besnoeiing of reorganisasie van die betrokke afdeling;

is geregtig op 'n voordeel wat bereken word ingevolge artikel 35.

*Vrywillige aftrede.*

38. 'n Lid op wie die bepalings van subartikels (1) en (2) van artikel 19 en artikels 36 en 37 nie van toepassing is nie en wat vrywillig uit die diens van die stadsraad tree, is geregtig op 'n bedrag wat gelykstaan met twee keer sy eie bydraes.

*Afsterwe van 'n lid.*

39. (1) Indien 'n lid te sterwe kom, is sy afhanklikes (indien daar is) geregtig op die bedrag wat aan die lid betaal sou gewees het as hy op sy sterfdatum ingevolge artikel 37 afgetree het.

(2) Indien daar geen afhanklikes is nie, of as daar ingevolge subartikel (4) van artikel 25 beskou word dat daar geen afhanklikes bestaan nie, moet die bedrag van die gestorwene se bydraes, as daar 'n intestate erfgenaam of 'n testamentêre erfgenaam is, by die gestorwene se boedel inbetaal word, en as daar nie sulke erfgename is nie, behou die fonds dié geld en daarna kan daar geen verdere eis teen die fonds of die stadsraad ten opsigte van so 'n gestorwe lid ingestel word nie.

*Doktersondersoeke, bydraes, afdanking en ander sake.*

40. Die bepalings van subartikel (3) van artikel 10, subartikels (7), (8), (9) en (10) van artikel 11, en die bepalings van artikels 13, 25, 26 en 31, en behoudens die bepalings van subartikel (1) van artikel 36, ook die bepalings van subartikels (1) en (2) van artikel 19, geld *mutatis mutandis* vir die Voorsieningsfonds en die lede van dié fonds.

*Waardering van die fonds.*

41. 'n Aktuaris moet die fonds soos op 31 Desember 1961, en daarna iedere jaar, waardeer, en enige wins (met inbegrip van rente op die geld van die fonds en dié gedeelte van 'n lid se kreditbedrag wat nie as 'n voordeel uitbetaal is nie) wat die fonds sedert die vorige waardering gemaak het, moet tussen die lede verdeel word in verhouding tot die totale bydraes deur, en ten opsigte van, iedere lid tydens die hele tydperk van sy lidmaatskap, en lede moet met dié bedrae gekrediteer word, maar dit moet slegs in die omstandighede wat in artikels 36, 37 en 39 uiteengesit is, uitgekeer word.

is agreed to by the committee, she shall, at her option and as an alternative to the benefit prescribed in sub-section (1) and without being subject to the provisions of sub-sections (2), (3) and (4), be granted a benefit equal to twice her own contributions to the fund.

*Valuation of Fund.*

30. (1) The fund shall be valued as at 31st December, 1961, and thereafter at intervals not exceeding five years by such actuary as the committee may appoint and such actuary shall state in his report the date and processes used in his investigation and valuation, why a surplus or deficiency has arisen, whether it is substantial, the steps which could be taken to deal with it and any other information requested by the committee.

(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in these rules, if the actuary's valuation discloses—

(*a*) a substantial surplus, the benefits shall be increased or the contributions shall be reduced in such manner as the committee after consultation with the actuary may direct; or

(*b*) a substantial deficiency, the deficiency shall be met in such manner as the committee after consultation with the actuary may direct; provided that no person to whom a pension has been granted shall have his pension reduced and no person to whom a lump sum benefit has been paid shall be called upon to repay any portion thereof.

*Termination of Fund.*

31. (1) The fund may be terminated in accordance with the provisions of section *thirty-six* of Ordinance No. 16 of 1958.

(2) Should it be necessary to terminate the fund for any reason other than that provided for in section *thirty-six* of Ordinance No. 16 of 1958 this may be done if the Council on the committee's recommendation consents thereto and the consent of the members is obtained in terms of the provisions of rule 56.

(3) If the fund is terminated in terms of sub-section (2) the assets of the fund shall, subject to the provisions of the Act, be divided by the committee among the members, pensioners and beneficiaries on such terms and in such manner as the committee may, on the advice of the actuary and with the consent of the Council, determine.

(4) Should the fund be terminated in terms of sub-section (1) or (2) the Council shall nominate for approval by the Registrar a liquidator to carry out the functions and duties prescribed in the Act.

## CHAPTER III.

### PROVIDENT FUND.

*Definitions.*

32. For the purposes of this chapter, unless inconsistent with the context—

(1) "fund" shall mean the Provident Fund;

(2) "member" shall mean a member contributing to the Provident Fund.

*The Fund.*

33. The fund shall consist of—

(i) the amount standing to the credit of the fund as at the effective date;

(ii) contributions and interest paid to the fund in accordance with these rules;

(iii) interest and dividends received from the investment of the moneys of the fund;

(iv) any other sums or assets to which the fund becomes entitled.

*Membership of the Fund.*

34. Membership of the fund shall consist of those members in the fund on the effective date, and no additional members shall be admitted.

voordeel wat in subartikel (1) voorgeskryf word en sonder dat dit onderworpe is aan die bepalings van subartikels (2), (3) en (4), en ondanks andersluidende bepalings in hierdie artikel, 'n voordeel wat gelykstaan met twee keer haar eie bydraes tot die fonds aan haar betaal.

*Waardering van die fonds.*

30. (1) 'n Aktuaris wat die komitee moet benoem, moet die fonds soos op 31 Desember 1961, en daarna met tussenpose van hoogstens vyf jaar, waardeer, en die aktuaris moet in sy verslag meld watter datum hy vir sy ondersoek en waardering gebruik, en watter metodes hy aangewend het; waarom daar 'n oorskot of tekort is; of dit 'n aansienlike bedrag is; die stappe wat in verband daarmee gedoen kan word, asook enige ander inligting wat die komitee mag aanvra.

(2) As dit, ondanks andersluidende bepalings in hierdie verordeninge, uit die aktuaris se waardering blyk—

(*a*) dat daar 'n aansienlike oorskot is, moet die voordele verhoog, of die bydraes verminder word op 'n wyse wat die komitee in oorleg met die aktuaris bepaal;

(*b*) dat daar 'n aansienlike tekort is, moet die tekort aangesuiwer word op die wyse wat die komitee in oorleg met die aktuaris bepaal: Met dien verstande dat 'n pensioentrekker se pensioen nie verminder mag word nie, en dat iemand aan wie daar 'n voordeel in 'n ronde bedrag uitgekeer is, nie aangesê mag word om 'n gedeelte van dié bedrag terug te betaal nie.

*Ontbinding van die fonds.*

31. (1) Die fonds kan ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses-en-dertig* van Ordonnansie No. 16 van 1958 ontbind word.

(2) Indien dit nodig is om die fonds om 'n ander rede as dié wat in artikel *ses-en-dertig* van Ordonnansie No. 16 van 1958 aangegee word, te ontbind, kan dit gedoen word, mits die stadsraad se aanbeveling van die komitee daartoe toestem, en die toestemming van die lede ingevolge die bepalings van artikel 56 verkry word.

(3) Indien die fonds ingevolge subartikel (2) ontbind word, moet die bates van die fonds, onderworpe aan die bepalings van die Wet, op die voorwaardes en op 'n wyse wat die komitee op advies van die aktuaris en met die goedkeuring van die stadsraad bepaal, deur die komitee onder die lede, pensioentrekkers en begunstigdes verdeel word.

(4) Indien die fonds ingevolge subartikel (1) of (2) ontbind word, moet die stadsraad 'n likwidateur wat deur die Registrateur goedgekeur is, benoem om die funksies en pligte wat die Wet voorskryf, uit te voer.

## HOOFSTUK III.

### DIE VOORSIENINGSFONDS.

*Woordomskrywing.*

32. In hierdie hoofstuk, tensy dit uit die sinsverband anders blyk, beteken—

(1) „fonds" die Voorsieningsfonds;

(2) „lid" 'n lid wat tot die Voorsieningsfonds bydra.

*Die fonds.*

33. Die fonds bestaan uit—

(i) die kredietbedrag van die fonds op die vankragwordingsdatum;

(ii) bydraes en rente wat ingevolge hierdie verordeninge aan die fonds betaal word;

(iii) rente en dividende wat uit die belegging van die geld van die fonds ontvang word;

(iv) alle ander bedrae of bates waarop die fonds geregtig raak.

*Lidmaatskap van die fonds.*

34. Die lidmaatskap van die fonds word beperk tot die lede wat op die vankragwordingsdatum lede van die fonds is, en geen nuwe lid word aanvaar nie.

*Imprisonment of a Person in Receipt of a Pension.*

28. If any person in receipt of a pension is convicted of any crime or offence and sentenced to imprisonment without the option of a fine for a period exceeding one month, the pension payable to such person may in the discretion of the committee be paid instead to his dependants for the period of his imprisonment.

*Female Members Leaving on Getting Married and Because of Marriage.*

29. (1) If a female member leaves the Council's service because of marriage she shall, subject to the provisions of sub-sections (2), (3) and (4), be granted a benefit calculated as follows:—

(*a*) If her contributory service is less than 10 years, she shall receive an amount equal to her own contributions plus 1¾ per cent of that amount for each complete year of contributory service; or

(*b*) if her contributory service is 10 years or more but less than 15 years, she shall receive an amount equal to twice her own contributions; or

(*c*) if her contributory service is 15 years or more, she shall receive an amount equal to twice her own contributions plus 1¾ per cent of that amount for each complete year of contributory service.

(2) In order to receive the benefit prescribed in sub-section (1) a female member shall—

(i) on giving notice of her intention to resign from the Council's service, apply in writing to the Head of her Department to be retired in terms of sub-section (1) and give her reasons for leaving the Council's service; and

(ii) not earlier than six months nor later than nine months after leaving the Council's service, notify the Town Clerk whether or not she has taken up employment within six months of leaving the Council's service and furnish such other information as the Town Clerk may require.

(3) The benefit prescribed in terms of sub-section (1) shall, subject to the provisions of sub-sections (2) and (4) accrue as follows:—

(i) On leaving the Council's service the female member shall be entitled to an amount equal to that to which she would have been entitled had she retired voluntarily in terms of rule 17;

(ii) six months after leaving the service she shall be entitled to the difference between the amount prescribed in paragraph (i) and the amount payable in terms of paragraph (*a*), (*b*) or (*c*) of sub-section (1) as the case may be.

(4) For the purposes of this rule a female member shall be deemed to have left the Council's service because of marriage if the Town Clerk, in consultation with the Departmental Head concerned, is satisfied—

(i) that she has left on getting married and has not taken up employment within six months of leaving the Council's service; or

(ii) that although having remained in the service after marriage the duties and responsibilities arising from her marital status render it undesireable for her to remain in the Council's service and she has not taken up employment within six months of leaving the Council's service or that, having taken up other employment within that period, the factors giving rise to the desirability of leaving the Council's service are not applicable to such other employment or are applicable to such a limited extent as to remove any real objection thereto.

(5) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Rule, if a female member who was a member on the effective date, leaves the Council's service on getting married and produces her certificate of marriage within three months of getting married or such further period as

*Gevangesetting van 'n pensioentrekker.*

28. Indien 'n pensioentrekker skuldig bevind word aan 'n misdaad of 'n oortreding en tot gevangenisstraf van meer as 'n maand sonder die keuse van 'n boete veroordeel word, kan die komitee, as hy dit goed vind, die pensioen wat aan so iemand betaal moet word vir die duur van sy gevangesetting aan sy afhanklikes betaal.

*Vroulike lede wat uit die diens tree omdat hulle gaan trou of omdat hulle getroud is.*

29. (1) Indien 'n vroulike lid uit die stadsraad se diens tree omdat sy gaan trou of getroud is, ontvang sy, behoudens die bepalings van subartikels (2), (3) en (4), 'n voordeel wat as volg bereken word:—

(*a*) Indien haar bydra-termyn minder as 10 jaar is, 'n bedrag wat gelykstaan met haar eie bydraes plus 1¾ persent van daardie bedrag vir iedere voltooide jaar van die bydra-termyn; of

(*b*) indien haar bydra-termyn 10 jaar of meer is, maar minder as 15 jaar, 'n bedrag wat gelykstaan met twee keer haar eie bydraes; of

(*c*) indien haar bydra-termyn 15 jaar of meer is, 'n bedrag wat gelykstaan met twee keer haar eie bydraes plus 1¾ persent van daardie bedrag vir iedere voltooide jaar van die bydra-termyn.

(2) Ten einde die voordeel wat in subartikel (1) omskryf word, te kan ontvang, moet 'n vroulike lid—

(i) wanneer sy kennis gee van haar voorneme om die stadsraad se diens te verlaat, skriftelik by die hoof van die afdeling aansoek doen om ingevolge subartikel (1) van haar diens onthef te word, en die redes verstrek waarom sy uit die diens van die stadsraad wil tree; en

(ii) die stadsklerk, minstens ses maande voor en uiters nege maande nadat sy uit die diens van die stadsraad getree het, meedeel of sy ander werk aanvaar het binne ses maande nadat sy uit die stadsraad se diens getree het, en ook alle inligting verstrek wat die stadsklerk vereis.

(3) Die voordeel wat by subartikel (1) voorgeskryf word, word behoudens die bepalings van subartikels (2) en (4) as volg toegestaan:—

(i) Wanneer die vroulike lid uit die diens van die stadsraad tree, ontvang sy 'n bedrag wat gelyk is aan die bedrag waarop sy geregtig sou gewees het as sy vrywillig ingevolge artikel 17 uit die diens getree het;

(ii) ses maande nadat sy uit die diens getree het, is sy geregtig op die verskil tussen die bedrag wat by paragraaf (i) voorgeskryf word en die toepaslike bedrag wat by paragraaf (*a*), (*b*) of (*c*) van subartikel (1) voorgeskryf word.

(4) Daar word geag dat 'n vroulike lid, vir die toepassing van hierdie artikel, die diens van die stadsraad vanweë haar troue verlaat het, as die stadsklerk in oorleg met die betrokke afdelingshoof oortuig is—

(i) dat sy weg is om te gaan trou en nie ander werk aanvaar het binne ses maande nadat sy uit die stadsraad se diens getree het nie; of

(ii) dat, ofskoon sy na haar troue in die diens aangebly het, die pligte en verantwoordelikhede van haar huwelikstaat meebring dat dit nie gewens is dat sy in die stadsraad se diens bly nie, en sy ook nie ander werk aanvaar het binne 6 maande nadat sy uit die stadsraad se diens getree het nie; of dat as sy wel werk binne dié tydperk aanvaar het, die faktore wat aanleiding daartoe gegee het dat sy liewers uit die stadsraad se diens moes tree, nie vir die nuwe werk geld nie, of in so 'n geringe mate geld dat dit nie wesentlik saak maak nie.

(5) Indien 'n vroulike lid, wat op die vankragwordingsdatum 'n lid was, die stadsraad se diens verlaat wanneer sy gaan trou, en haar huweliksertifikaat binne drie maande of binne sodanige tydperk wat die komitee bepaal, voorlê, word daar, as sy dit verkies, en as alternatief tot die

(v) if there is no one specified in paragraph (iv), such other persons wholly dependant on the member for support and maintenance, in equal shares.

(2) A member may at any time in respect of benefits other than pensions payable in terms of rule 21 vary by notice in writing to the committee the order of preference of dependants and proportions specified in sub-section (1).

(3) Any person claiming a benefit as a dependant in terms of these rules shall, prior to receiving any benefit, produce such evidence as the committee in its discretion may prescribe or require as to the fact that he is a dependant, that there is no-one of higher order of preference and that there are or are not persons of equal preference.

(4) If, within six months of the date of death of a member or pensioner, no claim for a benefit has been made by a dependant, no dependant shall be considered to exist and thereafter no benefit shall be payable to any person claiming as a dependant in respect of such member or pensioner: Provided that the committee may, in its discretion and on good cause shown, waive the provisions of this sub-section on such basis and subject to such conditions as it deems fit.

*Reduction in Pensionable Emoluments.*

26. A member whose pensionable emoluments are for any reason reduced shall be allowed, at his option—

(i) to continue contributing to the fund on his pensionable emoluments immediately before reduction, in which event his pensionable emoluments while they are less than his pensionable emoluments immediately before reduction shall, for all purposes of the fund, be taken to be equal to his pensionable emoluments immediately before reduction;

(ii) if the reduction is not a general one affecting a section or sections of the Council's employees or due to disciplinary action, to retire from the Council's service within a period of six months from the date of such reduction and if he exercises such option he shall, to the exclusion of any other benefit, be entitled only to a benefit equal to twice his own contributions plus 1¾ per cent of that amount for each complete year of contributory service together with an amount (if any) equal to one month's pensionable emoluments (at the rate on which he was contributing immediately before such reduction) for each year of service (calculated in years and completed months) prior to the fixed date and after the age of 17 years.

*Insolvency of a Person in Receipt of a Pension.*

27. (1) If any person in receipt of a pension is declared insolvent, the pension shall forthwith cease; provided that in any such case all or any part of the pension may, in the committee's discretion, be paid to or for the benefit of the insolvent or of his dependants and if it is paid to the insolvent, it shall be for his own personal use and may not in any way be attached or appropriated by his creditors or by the trustee in insolvency.

(2) Whenever a pension has ceased under this rule, it shall be revived on rehabilitation of the insolvent, and he shall receive a pension at the same rate and under the same conditions as before insolvency, together with any arrears that have not been paid to him or his dependants.

(3) Nothing in this rule shall be construed as affecting the rights of dependants to a benefit in terms of these rules on the death of the insolvent and any arrears that have not been paid to the deceased insolvent or his dependants in terms of sub-section (1) shall, in addition to any other benefits due in terms of these rules, be paid to such dependants.

(v) indien daar niemand is wat in paragraaf (iv) genoem word nie, sulke ander mense wat geheel en al of gedeeltelik vir onderhoud van die lid afhanklik was, in gelyke bedrae.

(2) 'n Lid kan die komitee te eniger tyd in verband met voordele uitgesonderd pensioen wat ingevolge artikel 21 betaal moet word, skriftelik kennis gee om die voorrangorde van afhanklikes en die verhouding wat in subartikel (1) uiteengesit word, te wysig.

(3) Enigiemand wat ingevolge hierdie verordeninge as 'n afhanklike aanspraak op 'n voordeel maak, moet, alvorens so 'n voordeel aan hom uitgekeer word, sodanige bewys as wat die komitee na goeddunke voorskryf of vereis, lewer van die feit dat hy 'n afhanklike is; dat daar nie iemand is wat voorrang bo hom moet geniet nie, en dat daar iemand is of niemand is nie, wat dieselfde voorrang as hy geniet.

(4) Indien daar binne ses maande na die sterfdatum van 'n lid of pensioentrekker geen aanspraak op 'n voordeel deur 'n afhanklike gemaak is nie, word daar geag dat daar geen afhanklike is nie, en daarna word daar geen voordeel aan enigeen wat as 'n afhanklike van so 'n lid of pensioentrekker daarop aanspraak maak, betaal nie: Met dien verstande dat die komitee die bepalings van hierdie subartikel na goeddunke en om grondige redes ter syde kan stel op 'n grondslag en op voorwaardes wat hy goed ag.

*Vermindering van pensioendraende besoldiging.*

26. 'n Lid wie se pensioendraende besoldiging om enige rede verminder word, kan, as hy dit verkies—

(i) voortgaan om tot die fonds by te dra volgens sy pensioendraende besoldiging onmiddellik voordat dit verminder is, en in dié geval sal sy pensioendraende besoldiging, terwyl dit minder is as sy pensioendraende besoldiging onmiddellik voordat dit verminder is, vir die doel van die fonds, as gelyk geag word aan sy pensioendraende besoldiging onmiddellik voordat dit verminder is;

(ii) in 'n geval waar dit nie 'n algemene vermindering is wat 'n groep of groepe van die stadsraad se werknemers raak, of wat aan tugmaatreëls te wyte is nie, binne ses maande vanaf die datum van so 'n vermindering, uit die stadsraad se diens tree, en as hy dit doen, is hy uitsluitlik geregtig op 'n voordeel wat gelykstaan met twee keer sy eie bydraes, plus 1¾ persent van daardie bedrag vir iedere voltooide jaar van sy bydra-termyn, plus 'n bedrag (indien daar is) wat gelykstaan met sy pensioendraende besoldiging vir een maand (waarvolgens sy bydraes net voor die vermindering bereken is) vir iedere diensjaar (bereken in jare en voltooide maande) voor die gesette datum en na die ouderdom van 17 jaar.

*Bankrotskap van pensioentrekker.*

27. (1) Indien 'n pensioentrekker bankrot verklaar word, word die pensioen onmiddellik gestaak: Met dien verstande dat die komitee in so 'n geval die hele pensioen, of 'n gedeelte daarvan, na sy goeddunke, aan of ten behoewe van die bankrotspeler of sy afhanklikes kan uitkeer, en as dit aan die bankrotspeler uitgekeer word, is dit vir sy eie gebruik bedoel en mag sy skuldeisers of die trustee van die bankrotboedel nie beslag daarop lê of hulle dit toeëien nie.

(2) 'n Pensioen wat ingevolge hierdie artikel gestaak is, moet hervat word sodra die bankrotspeler gerehabiliteer is, en so 'n pensioentrekker moet dan 'n pensioen teen dieselfde skaal en op dieselfde voorwaardes as voor sy bankrotskap ontvang, saam met alle agterstallige pensioen wat nie aan die pensioentrekker of sy afhanklikes betaal is nie.

(3) Niks wat in hierdie artikel vervat is, raak afhanklikes se reg op 'n voordeel ingevolge hierdie verordeninge wanneer die pensioentrekker wat bankrot verklaar is, te sterwe kom nie, en alle agterstallige pensioen wat nie ingevolge die bepalings van subartikel (1) aan die gestorwe bankrotspeler of sy afhanklikes betaal is nie, moet saam met ander voordele wat ingevolge hierdie verordeninge aan hulle toekom, aan sulke afhanklikes betaal word.

(ii) twice his own contributions together with one month's pensionable emoluments (at the rate on which he was contributing immediately before his death) for each year of service (calculated in years and completed months) prior to the fixed date and after the age of 17 years;

whichever is the greater.

(2) (i) If a pensioner who has had not part of his pension commuted dies and no pension is payable to an eligible widow or eligible child in terms of rule 21, there shall, subject to the provisions of paragraph (iii) of sub-secton (3) of rule 17, be paid to his dependants (if any) the amount by which—

(*a*) the total amount of the pension to which he would have been entitled during the first five years of his retirement; or

(*b*) twice his own contributions together with one month's pensionable emoluments (at the rate on which he was contributing immediately before his retirement on pension) for each year of service (calculated in years and completed months) prior to the fixed date and after the age of 17 years;

whichever is the greater, exceeds the total amount of the pension that was paid to him.

(ii) If a pensioner who has had part of his pension commuted dies and no pension is payable to an eligible widow or eligible child in terms of rule 21, there shall, subject to the provisions of paragraph (iii) of sub-section (3) of rule 17 be paid to his dependants (if any) the amount by which—

(*a*) the total amount of the pension before commutation of any part thereof to which he would have been entitled during the first five years of his retirement; or

(*b*) twice his own contributions together with one month's pensionable emoluments (at the rate on which he was contributing immediately before his retirement on pension) for each year of service (calculated in years and completed months) prior to the fixed date and after the age of 17 years;

whichever is the greater, reduced in the proportion of the reduced pension to the full amount of the pension before commutation, exceeds the total amount of the pension that was paid to him.

(3) If there are no dependants or if in terms of sub-section (4) of rule 25 no dependaits are considered to exist, the excess (if any) of the total contributions paid by the deceased member or pensioner over the total he has received as a pension and by way of commutation, shall, if there are intestate heirs or an heir appointed by will, be paid to his estate or, if there are no such heirs, revert to the fund and there shall thereafter be no further claim on the fund or the Council in respect of him.

*Order of Preference of Dependants and Claims for Benefits.*

25. (1) Subject to the provisions of sub-section (2), benefits payable to dependants, other than pensions in terms of rule 21, shall be made to the following persons and in the following order of preference and proportions:—

(i) The wife or widow, husband or widower; or

(ii) if there is no one specified in paragraph (i), the surviving child, step-child and adopted child in equal shares; or

(iii) if there is no one specified in paragraph (ii), the surviving father, mother and adoptive parent, step-father, step-mother wholly or in part dependent on the member for support and maintenance, in equal shares; or

(iv) if there is no one specified in paragraph (iii), the surviving brother, sister, step-brother and step-sister wholly or in part dependant on the member for support and maintenance, in equal shares; or

(ii) twee keer sy eie bydraes, plus sy pensioendraende besoldiging vir een maand waarvolgens sy bydraes net voor sy aftrede bereken is vir iedere diensjaar (bereken in jare en voltooide maande) voor die gesette datum en na die ouderdom van 17 jaar;

welke een ookal die grootste bedrag is.

(2) (i) Indien 'n pensioentrekker wat nie 'n gedeelte van sy pensioen laat omsit het nie, te sterwe kom en daar geen pensioen ingevolge artikel 21 aan 'n pensioengeregtigde weduwee of pensioengeregtigde kind betaal moet word nie, word daar behoudens die bepalings van paragraaf (iii) van subartikel (3) van artikel 17, die bedrag aan sy afhanklikes (indien daar is) betaal waarmee—

(*a*) die totale bedrag van die pensioen waarop hy tydens die eerste vyf jaar na sy aftrede geregtig sou gewees het; of

(*b*) 'n bedrag van twee keer sy eie bydraes, plus sy pensioendraende besoldiging vir een maand (waarvolgens sy bydraes net voor sy aftrede bereken is) vir iedere diensjaar (bereken in jare en voltooide maande) voor die gesette datum en na die ouderdom van 17 jaar;

welke een ookal die grootste bedrag is, die totale bedrag van die pensioen wat aan hom betaal is, oorskry.

(ii) Indien 'n pensioentrekker wat 'n gedeelte van sy pensioen laat omsit het, te sterwe kom, en daar geen pensioen ingevolge artikel 21 aan 'n pensioengeregtigde weduwee of pensioengeregtigde kind betaal moet word nie, word daar, behoudens die bepalings van paragraaf (iii) van subartikel (3) van artikel 17 die bedrag aan sy afhanklikes (indien daar is) betaal waarmee—

(*a*) die totale bedrag van die pensioen, voor omsetting van enige deel daarvan, waarop hy tydens die eerste vyf jaar na sy aftrede geregtig sou gewees het; of

(*b*) 'n bedrag van twee keer sy eie bydraes, plus sy pensioendraende besoldiging vir een maand (waarvolgens sy bydraes net voor sy aftrede bereken is) vir iedere diensjaar (bereken in jare en voltooide maande) voor die gesette datum en na die ouderdom van 17 jaar;

welke een ookal die grootste bedrag is, verminder in die verhouding van die verminderde pensioen tot die volle bedrag van die pensioen voor omsetting, die totale bedrag van die pensioen wat aan hom betaal is, oorskry.

(3) Indien daar geen afhanklikes is nie, of indien daar ingevolge subartikel (4) van artikel 25 geag word dat geen afhanklikes bestaan nie, moet die bedrag waarmee 'n gestorwe lid of pensioentrekker se totale bydraes die totale bedrag wat hy as pensioen en by wyse van omsetting ontvang het, oorskry (indien dit wel oorskry word), by die gestorwene se boedel inbetaal word as daar 'n intestate of 'n testamentêre erfgenaam is, en indien daar nie sulke erfgename is nie, behou die fonds dié geld, en daarna kan daar geen verdere eis teen die fonds of die stadsraad ten opsigte van so 'n lid of pensioentrekker ingestel word nie.

*Voorrangorde van afhanklikes en eise in verband met die voordele.*

25. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), word voordele, met uitsondering van pensioene ingevolge artikel 21, wat aan afhanklikes toekom, aan die volgende persone en in die volgende voorrangorde en verhouding uitgekeer:—

(i) Die eggenote of weduwee, eggenoot of wewenaar; of

(ii) indien daar niemand is wat in paragraaf (i) genoem word nie, die oorlewende kind, stiefkind en aangenome kind in gelyke bedrae; of

(iii) indien daar niemand is wat in paragraaf (ii) genoem word nie, die oorlewende vader, moeder en aannemende ouer, stiefvader en stiefmoeder wat geheel en al of gedeeltelik vir onderhoud van die lid afhanklik was, in gelyke bedrae; of

(iv) indien daar niemand is wat in paragraaf (iii) genoem word nie, die oorlewende broer, suster, stiefbroer en stiefsuster wat geheel en al of gedeeltelik vir onderhoud van die lid afhanklik was, in gelyke bedrae; of

(5) When a child in respect of whom a pension is paid ceases to comply with any of the provisions contained in the definition of " eligible child " in rule 1, the pension in respect of such child shall cease and the pension payable in respect of any other eligible children of the deceased member or pensioner shall be re-calculated in accordance with the table in sub-section (3).

(6) The pension payable in respect of any eligible children shall normally be paid to their mother or stepmother, but the committee may, in its absolute discretion, apportion the pension amongst the children and pay any child's pension to him direct or to such person on his behalf and for his benefit as the committee deems fit and the committee may in its discretion alter such decision and pay such pension to some other person at any time.

(7) If no claim for a pension is made by an eligible widow or eligible child within six months of the date of death of a member or pensioner, no such widow and no such child shall be considered to exist and thereafter, no pension shall be payable to any person claiming as an eligible widow or eligible child in respect of such member or pensioner: Provided that the committee may, in its discretion and on good cause shown, waive the provisions of this sub-section on such basis and subject to such conditions as it deems fit.

*Payment of Pensions.*

22. The committee may prescribe when, where and how a pension shall be paid and such requirements as it considers necessary to ensure that the pensioner, eligible widow or eligible child is entitled to and receives such pension: Provided that a person in receipt of a pension shall have the right to be paid in equal monthly instalments.

*Distributions of any Balance when Pensions Payable to an Eligible Widow and Eligible Child Cease.*

23. When the last pension payment in terms of rule 21 is made—

(i) there shall be paid to the dependants (if any) of the deceased member or pensioner the amount which would have been paid in terms of sub-section (1) or (2) respectively of rule 24 if no pension had been payable in terms of rule 21, less the total amount paid as a pension in terms of rule 21; or

(ii) if there are no dependants to whom payment can be made in terms of paragraph (i), the amount (if any) that would have been payable to a dependant in terms of paragraph (i) may be retained by the fund and there shall thereafter be no further claim on the fund in respect of such member or pensioner: Provided that the excess (if any) of the total of the deceased member's or pensioner's contributions over the total amount paid by way of pension and commutation of pension to him and his eligible widow and eligible children may be paid to such person or persons and in such proportions as the committee in absolute discretion may decide.

*Death of a Member or Pensioner Where no Pension is Payable.*

24. (1) If a member dies and no pension becomes payable to an eligible widow or eligible child in terms of rule 21, his dependants (if any) shall be paid an amount equal to—

(i) five times the pension he would have received had he been retired in terms of sub-section (1) of rule 18 on the date of his death before commutation of any part thereof; or

(5) Wanneer 'n kind aan wie 'n pensioen betaal word, nie meer voldoen aan die vereistes wat vervat is in die woordomskrywing van „ pensioengeregtigde kind " in artikel 1 nie, word die pensioen ten opsigte van so 'n kind gestaak en word die pensioen wat aan die ander pensioengeregtigde kinders van die gestorwe lid of pensioentrekker betaal word, ooreenkomstig die tabel in subartikel (3) herbereken.

(6) Die pensioen ten opsigte van pensioengeregtigde kinders word gewoonlik aan hulle moeder of stiefmoeder betaal, maar die komitee kan die pensioen na sy uitsluitlike goeddunke, tussen die kinders verdeel en enige kind se pensioen regstreeks aan hom betaal of na goeddunke aan iemand anders wat namens en ten bate van die kind optree, en die komitee kan so 'n beslissing na goeddunke wysig en so 'n pensioen te eniger tyd aan iemand anders betaal.

(7) Indien 'n pensioengeregtigde weduwee of pensioengeregtigde kind nie binne ses maande na 'n lid of pensioentrekker se sterfdatum 'n eis instel nie, word daar geag dat daar geen sodanige weduwee en geen sodanige kind is nie, en daarna word geen pensioen betaal aan enigiemand wat as die pensioengeregtigde weduwee of pensioengeregtigde kind van so 'n lid of pensioentrekker 'n eis instel nie: Met dien verstande dat die komitee die bepalings van hierdie subartikel, na goeddunke en om 'n goeie rede ter syde kan stel op 'n grondslag en op voorwaardes wat hy bepaal.

*Uitbetaling van pensioene.*

22. Die komitee kan voorskryf wanneer, waar en hoe 'n pensioen uitbetaal moet word, en kan ook voorwaardes stel wat hy nodig ag om te kan vasstel of die pensioentrekker, pensioengeregtigde weduwee of pensioengeregtigde kind op sodanige pensioen geregtig is, en om te sorg dat hulle dit ontvang: Met dien verstande dat iemand aan wie 'n pensioen betaal word die reg het om in maandelikse paaiemente betaal te word.

*Uitkering van saldo nadat pensioene nie meer aan pensioengeregtigde weduwee of pensioengeregtigde kind(ers) betaal word nie.*

23. Nadat die laaste pensioenpaaiement ingevolge artikel 21 betaal is—

(i) word daar aan die afhanklikes (as daar is) van die gestorwe lid of pensioentrekker die bedrag betaal wat onderskeidelik ingevolge subartikel (1) of (2) van artikel 24 betaal sou moes gewees het, indien geen pensioen ingevolge artikel 21 betaal moes word nie, min die totale bedrag wat ingevolge artikel 21 as pensioen betaal is; of

(ii) as daar geen afhanklike is aan wie die bedrag ingevolge paragraaf (i) betaal kan word nie, kan die fonds die bedrag (indien daar een is) wat ingevolge paragraaf (i) aan 'n afhanklike betaal sou moes word, behou, en daarna kan geen verdere eis ten opsigte van so 'n lid of pensioentrekker teen die fonds ingestel word nie: Met dien verstande dat die saldo (indien daar is), van die totale bydraes van die gestorwe lid of pensioentrekker, nadat die totale bedrag wat as pensioen en omgesette pensioen aan hom en sy pensioengeregtigde weduwee en pensioengeregtigde kinders betaal is, afgetrek is, aan so 'n persoon of sulke persone en in sodanige bedrae as wat die komitee na goeddunke kan beslis, betaal kan word.

*Afsterwe van 'n lid of pensioentrekker in gevalle waar geen pensioene betaalbaar is nie.*

24. (1) Indien 'n lid te sterwe kom en daar geen pensioen ingevolge artikel 21 aan 'n pensioengeregtigde weduwee of pensioengeregtigde kind betaal moet word nie, moet daar aan sy afhanklikes (indien daar is) 'n bedrag betaal word wat gelykstaan met—

(i) vyf keer die pensioen wat 'n lid sou ontvang as hy ingevolge subartikel (1) van artikel 18 op sy sterfdatum afgetree het, voordat 'n gedeelte daarvan omgesit is; of

entitled to twice own contributions together with one month's pensionable emoluments (at the rate on which he was contributing immediately before his services were terminated or dispensed with) for each year of service (calculated in years and completed months) prior to the fixed date and after the age of 17 years.

(3) A member who has attained the age and service prescribed in paragraphs (iii) or (iv) of sub-section (1) of rule 17, shall, if he is dismissed in terms of sub-section (1) or if his services are terminated or dispensed with in terms of sub-section (2), be entitled at his election and as an alternative to the benefits prescribed in sub-section (1) or (2) to the benefits prescribed in paragraphs (iii) or (iv) of sub-section (1) of rule 17 respectively.

*Retirement for Special Reasons.*

20. (1) If a member is retired from the service of the Council for a reason which the Council determines to be special and the Council applies the provisions of this rule to such member, he shall be entitled to a pension calculated in terms of rule 14, as if he had contributed to the fund up to the age of 60 years or such intermediate age between the date of his actual retirement and the age of 60 years as the Council in its discretion may fix.

(2) For the purpose of calculating the pension payable in terms of sub-section (1), the average pensionable emoluments of the member shall be the average pensionable emoluments on which the member contributed during the seven years preceding his actual date of retirement.

12. (1) Wanneer 'n werknemer aansoek doen om lid van die fonds te word, moet hy, tot voldoening van die komitee bewys van sy ouderdom lewer, en by die afsterwe van 'n lid of pensioentrekker moet sy pensioengeregtigde weduwee en die pensioengeregtigde kinders bewys van hulle ouderdom lewer.

(2) Die komitee kan voorskryf wat hy as afdoende bewys van ouderdom beskou, en as sodanige bewys nie gelewer word nie, kan die komitee, uitsluitik na eie goeddunke, op grond van enige bewys wat voorgelê word, die geboortedatum vir die toepassing van hierdie verordeninge vasstel.

(3) The Council shall indemnify the funds against loss caused by the negligence, dishonesty or fraud of the members of the committee and all officers and employees of the funds; provided that loss by negligence shall not include any loss suffered on the realisation of any bona fide investment made in accordance with rule 44.

## CHAPTER II.

### PENSION FUND.

*Definitions.*

8. For the purpose of this chapter, unless inconsistent with the context—

(1) "Fund" shall mean the Pension Fund;
(2) "member" shall mean a member contributing to the Pension Fund.

*The Fund.*

9. The fund shall consist of—

(i) the amount standing to the credit of the fund as at the effective date;
(ii) contributions and interest paid to the fund in accordance with these rules;
(iii) interest and dividends received from the investment of the moneys of the fund;
(iv) any other sums or assets to which the fund becomes entitled.

*Membership of the Fund.*

10. (1) Subject to the provisions of this section, every European employee who enters the Council's service on or after the effective date who is 17 years of age or over and under the age of 50 years shall, on the production of a medical certificate in terms of sub-section (2) or (3) of rule 11, become a member and shall be admitted to membership from the date of becoming an employee or attaining the age of 17 years, whichever is the later date, and the fund shall, in addition, have as members those admitted to membership prior to the effective date and those admitted in terms of rule 55, and membership shall cease on an employee leaving the Council's service.

(2) Employees regarded by the Council for pension fund purposes as casuals or semi-fit labourers may not be or become members of the fund unless the Council consents thereto.

(3) No member shall be permitted to withdraw from membership of the fund while employed by the Council unless he becomes a casual employee and the Council has not consented to such employee continuing as a member of the fund.

(4) No person who has received a benefit in terms of these rules, other than the return of his own contributions with or without interest, shall, after leaving the Council's service, be eligible for admission to membership of the fund if again employed in the Council's service, unless the Council consents thereto.

*Medical Certificate and Medical Examinations.*

11. (1) The committee shall appoint a medical practitioner as medical officer for such period as it may decide to carry out such functions as are prescribed by these rules or required by the committee.

(2) For the purpose of sub-section (1) of rule 10 the medical officer shall examine all prospective members and shall, if he is of the opinion that any such person is medically fit to become a member other than a special class member, issue a medical certificate to that effect.

(3) If on examining a prospective member in terms of sub-section (2) the medical officer is of the opinion that such person is fit for employment but not fit to become a member other than a special class member, then a medical certificate to that effect may be issued with the approval of the Special Medical Board.

(3) Die stadsraad moet die fondse vrywaar teen enige verlies deur nalatigheid, oneerlikheid of bedrog aan die kant van die lede van die komitee en alle beamptes en werknemers van die fondse: Met dien verstande dat verlies wat te wyte is aan nalatigheid, nie verlies wat gely word vanweë die tegeldmaking van enige *bona fide*-beleggingsbate ingevolge artikel 44, omvat nie.

## HOOFSTUK II.

### DIE PENSIOENFONDS.

*Woordomskrywing.*

8. Vir die toepassing van hierdie hoofstuk, tensy dit uit die sinsverband anders blyk, beteken—

(1) „fonds" die Pensioenfonds;
(2) „lid" 'n lid wat tot die Pensioenfonds bydra.

*Die fonds.*

9. Die fonds bestaan uit—

(i) die kredietbedrag van die fonds op die vankragwordingsdatum;
(ii) bydraes en rente wat ooreenkomstig hierdie verordeninge aan die fonds betaal word;
(iii) rente en dividende wat uit die belegging van die geld van die fonds ontvang word;
(iv) enige ander bedrag of bate wat die fonds toekom.

*Lidmaatskap van die fonds.*

10. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, word iedere blanke werknemer wat op of na die vankragwordingsdatum in die stadsraad se diens tree, en wat 17 jaar of ouer maar jonger as 50 jaar is, 'n lid van die fonds nadat die doktersertifikaat kragtens subartikel (2) of (3) van artikel 11 voorgelê is, en op die datum waarop hy 'n werknemer word, of waarop hy sewentien jaar oud word, watter een ook al die jongste datum is, en hierbenewens word diegene wat voor die vankragwordingsdatum lede was of wat kragtens artikel 55 lede word, ook lede van die fonds, en die lidmaatskap verval wanneer 'n werknemer die diens van die stadsraad verlaat.

(2) Werknemers wat deur die stadsraad vir die toepassing van die Pensioenfonds as loswerknemers of deelsgeskikte arbeiders beskou word, mag nie lede van die fonds wees of word nie, tensy die stadsraad daartoe toestem.

(3) Geen lid van die fonds mag hom aan die fonds onttrek terwyl hy 'n werknemer van die stadsraad is, nie, tensy hy 'n loswerknemer word en die stadsraad nie toestemming verleen het dat hy 'n lid mag bly nie.

(4) Niemand wat uit die stadsraad se diens tree, en ingevolge hierdie verordeninge 'n voordeel, uitgesonderd sy eie bydraes met of sonder rente daarop, ontvang het, kan weer 'n lid van die fonds word indien hy weer by die stadsraad in diens tree nie tensy die stadsraad toestemming daartoe verleen.

*Doktersondersoek en -sertifikaat.*

11. (1) Die komitee stel 'n geneesheer aan as geneeskundige beampte vir 'n tydperk wat die komitee bepaal, om dié pligte te vervul wat by hierdie verordeninge voorgeskryf of deur die komitee aan hom opgedra word.

(2) Die geneeskundige beampte moet alle aspirantlede vir die toepassing van subartikel (1) van artikel 10 ondersoek, en moet, as die betrokke aspirant syns insiens vanuit 'n geneeskundige oogpunt geskik is om 'n lid, uitgesonderd 'n „spesiale klas"-lid, te word, 'n doktersertifikaat met dié strekking uitreik.

(3) Indien die geneeskundige beampte 'n aspirantlid ingevolge subartikel (2) ondersoek en die betrokke aspirant syns insiens vir indiensneming geskik is, maar nie geskik is om 'n lid, uitgesonderd 'n „spesiale klas"-lid te word nie, moet hy met die toestemming van die spesiale geneeskundige raad 'n doktersertifikaat met dié strekking uitreik.

interested in any investment which may, after the date of notice, be made with that company or firm shall for the subsequent 12 months be deemed to be a sufficient declaration of interest in relation to any investment so made or to be made.

(ii) A committee member having an interest in an investment or proposed investment may, after he has declared his interest in terms of paragraph (i) vote on such matter.

(iii) Any committee member who fails to comply with the provisions of paragraph (i) and votes on a matter in respect of which he is directly or indirectly interested shall cease to hold office if the committee in its discretion so decides.

*Executive Committee.*

5. (1) Once every year the committee shall from its own number appoint an executive committee of four members consisting of two elected members and two nominated members, and shall also appoint a proportionate number of elected and nominated alternate members, who shall act in the absence of the member in respect of whom each has been appointed alternate.

(2) (i) The executive committee shall from its own number elect a chairman who shall, subject to the provisions of paragraph (ii), preside at all meetings of the executive committee.

(ii) In the absence of the chairman from any meeting, the members present may from their own number elect a chairman for that meeting.

(3) Subject to at least 24 hours' notice of a meeting being given, the executive committee, whose quorum shall be three members, shall meet when, where and as often as the chairman may decide and except in matters of urgency, of which the chairman shall be the judge, no business shall be transacted except such as is set out on the agenda paper unless such agenda contains a general item, in which event any matter may be raised and decided.

(4) During the intervals between the meetings of the committee, the affairs of the fund shall, subject to such directions as the committee may from time to time give, be administered by the executive committee, and in this regard the provisions of sub-section (10) of rule 4, except insofar as it provides that at least six members shall be present, and sub-section (11) of rule 4 shall *mutatis mutandis* apply to the executive committee.

*Principal Executive Officer and Staff.*

6. (1) The secretary/treasurer, who for the purposes of the Act shall be the Principal Executive Officer, and any requisite staff needed for carrying out the administrative duties of the fund shall, in agreement with the committee, be appointed by the Council or any other body to whom such power has been delegated and be subject to such conditions of employment as the Council has prescribed or may prescribe.

(2) The secretary/treasurer shall—

(i) carry out and comply with all the duties and responsibilities required of principal officers in terms of the Act;

(ii) perform such other duties with reference to the funds as are prescribed by these rules or which the committee or executive committee may from time to time direct for the proper functioning of the funds.

*Expenses of Administration and Indemnity.*

7. (1) The expenses in connection with or incidental to the management or administration of the funds and the investment thereof, including legal costs and the cost of audit and actuarial investigations, shall be borne by the Council.

(2) The committee of the funds shall be indemnified by the funds against all proceedings, costs and expenses incurred by reason of any claim in connection with the funds not arising from wilful negligence, dishonesty or fraud.

word dat hy belang het by enige belegging wat vanaf die datum van dié verklaring by daardie maatskappy of firma gemaak word, die daaropvolgende twaalf maande beskou moet word as 'n afdoende verklaring van belang in verband met enige belegging wat aldus gemaak of beoog word.

(ii) 'n Komiteelid wat belang het by 'n belegging of beoogde belegging kan, nadat hy sy belang daarby ooreenkomstig paragraaf (i) verklaar het, oor so 'n saak stem.

(iii) 'n Komiteelid wat in gebreke bly om aan die bepalings van paragraaf (i) te voldoen en dan oor 'n saak waarby hy regstreeks of onregstreeks belang het, stem, verbeur sy komiteesetel indien die komitee aldus besluit.

*Die dagbestuur.*

5. (1) Die komitee stel eenkeer iedere jaar 'n dagbestuur van vier lede wat bestaan uit twee verkose en twee benoemde lede, uit sy eie geledere aan, en stel ook 'n eweredige getal verkose en benoemde plaasvervangers aan wat elkeen onderskeidelik optree in die afwesigheid van die lid vir wie hy as plaasvervanger aangestel is.

(2) (i) Die dagbestuur kies uit eie geledere 'n voorsitter wat behoudens die bepalings van paragraaf (ii) op alle vergaderings van die dagbestuur die voorsitterstoel inneem.

(ii) Wanneer die voorsitter van enige vergadering afwesig is, kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir dié vergadering.

(3) Mits daar minstens vier-en-twintig uur vooraf van 'n vergadering kennis gegee word, vergader die dagbestuur, waarvan 'n kworum drie lede is, op tye en plekke en so dikwels as wat die voorsitter bepaal, en uitgesonder sake wat na die mening van die voorsitter dringend is, word geen saak behandel wat nie op die agenda voorkom nie, tensy daar 'n item „algemeen" op die agenda voorkom, in welke geval enige saak te berde gebring en afgehandel kan word.

(4) Die sake van die fondse word gedurende die tydperke tussen die vergaderings van die komitee deur die dagbestuur behartig, onderworpe aan die opdragte wat die komitee van tyd tot tyd mag gee, en in dié verband geld die bepalings van subartikel (10) van artikel 4, (uitgesonderd die bepaling dat ses lede teenwoordig moet wees) en die bepalings van subartikel (11) van artikel 4 *mutatis mutandis* ook vir die dagbestuur.

*Die uitwendige hoofbeampte en die personeel.*

6. (1) Die stadsraad of enige ander liggaam aan wie die bevoegdheid toegestaan is, moet met die instemming van die komitee die sekretaris/tesourier wat vir die toepassing van die Wet, die uitvoerende hoofbeampte is, en die personeel wat vereis word om die administratiewe pligte van die fondse te behartig, aanstel en hulle is onderworpe aan die diensvoorwaardes wat die stadsraad voorskryf of mag voorskryf.

(2) Die sekretaris/tesourier moet—

(i) al die pligte en verantwoordelikhede nakom wat by die Wet vir hoofbeampte voorgeskryf is;

(ii) alle ander pligte ten opsigte van die fondse wat by hierdie verordeninge voorgeskryf word of wat die komitee of dagbestuur hom van tyd tot tyd mag oplê vir die behoorlike funksionering van die fondse, nakom.

*Administrasiekoste en vrywaring.*

7. (1) Die stadsraad moet al die koste in verband met, of wat voortvloei uit, die bestuur of administrasie van dié fondse en hulle beleggings dra, met inbegrip van regs-, oudit- en aktuariële ondersoekkoste.

(2) Die fondse moet die komitee vrywaar teen alle gedinge, koste en uitgawes wat mag ontstaan uit 'n eis in verband met die fondse, mits dit nie aan opsetlike nalatigheid, oneerlikheid of bedrog te wyte is nie.

(6) (i) The committee shall elect a chairman and vice-chairman from its own number and the chairman shall preside at all meetings of the committee.

(ii) In the absence of the chairman, the vice-chairman shall act in the place of the chairman and have all the powers and authority of the chairman.

(iii) In the absence of the chairman and the vice-chairman from any meeting, the members present may elect a chairman for that meeting from their own number and *such chairman shall for that occasion have all the powers* and authority of the chairman.

(7) The committee shall meet when and where it may decide or as the chairman may deem necessary; provided that meetings are held at intervals not exceeding three months.

(8) Seven days' notice shall be given to each member of the committee prior to any meeting of the committee and except in matters of urgency, of which the chairman shall be the judge, no business shall be transacted at any meeting of the committee except such as is set out on the agenda paper; provided that any matters may be raised and decided if the agenda contains a general item.

(9) The secretary/treasurer shall, on a requisition signed by not less than four members of the committee, call a special meeting of the committee for the business detailed in such requisition.

(10) (i) At any meeting of the committee each member, including the chairman and vice-chairman, shall have one vote only, and, notwithstanding any vacancies on the committee, the decision of the majority of members present, provided that they are at least six in number, shall be the decision of the committee.

(ii) Voting shall be by show of hands unless a ballot is requested by a member.

(iii) In the event of an equality of votes, the question for decision shall lapse but may again be introduced at a subsequent meeting.

(iv) In deciding any question of fact the committee may, save as is otherwise provided in these rules, act upon such evidence as it may deem adequate, whether amounting to legal proof or not.

(11) The committee or the executive committee on its behalf shall, subject to the provisions of these rules and of the Act have power—

(i) to examine, approve, confirm or reject all applications for membership of the funds;

(ii) to settle all questions in respect of contributions;

(iii) to examine, approve, or decide upon the periods including periods where there has been a break in service, for which contributions may be made or which may be included for payment of benefits;

(iv) to adjust and decide upon all claims made upon the funds;

(v) to authorise the payment of all benefits;

(vi) to receive, administer and apply the moneys of the funds;

(vii) to adopt regulations for its own guidance or to facilitate the business of the funds;

(viii) to carry out and perform the several duties prescribed by these rules and all things necessary for the proper functioning of the funds.

(12) (i) A committee member who is directly or indirectly interested in any investment or proposed investment which is to be made by the funds shall declare to the committee the nature and extent of his interest; provided that a general notice in writing given to the committee to the effect that he is a member of or has a financial interest in a specific company or firm and is to be regarded as

(6) (i) Die komitee kies 'n voorsitter en ondervoorsitter uit sy eie geledere en die voorsitter moet op alle vergaderings van die komitee die voorsitterstoel inneem.

(ii) Wanneer die voorsitter afwesig is, neem die ondervoorsitter sy plek in en beskik dan oor al die magte en bevoegdhede van die voorsitter.

(iii) Indien die voorsitter en die ondervoorsitter albei van 'n vergadering afwesig is, kies die aanwesige lede 'n voorsitter vir dié vergadering uit hulle eie geledere, en so 'n voorsitter beskik tydens dié vergadering dan oor al die magte en bevoegdhede van die voorsitter.

(7) Die komitee vergader op tye en plekke wat hy bepaal, of waar en wanneer die voorsitter dit nodig ag: Met dien verstande dat daar minstens een keer elke drie maande 'n vergadering gehou moet word.

(8) Iedere lid van die komitee moet sewe dae voor 'n komiteevergadering daarvan in kennis gestel word en met die uitsondering van sake wat na die mening van die voorsitter dringend is, mag niks op dié vergadering behandel word wat nie op die agenda voorkom nie: Met dien verstande dat enige saak geopper en afgehandel kan word wanneer daar 'n item „ algemeen " op die agenda is.

(9) Die sekretaris/tesourier moet, na ontvangs van 'n versoek wat deur minstens vier lede van die komitee onderteken is, 'n spesiale vergadering van die komitee belê sodat dié saak/sake wat in sodanige versoek uiteengesit is, behandel kan word.

(10) (i) Alle lede, met inbegrip van die voorsitter en die ondervoorsitter, het op alle komiteevergaderings slegs een stem elk, en nieteenstaande vakatures in die komitee, is die besluit van die meerderheid van die aanwesige lede die beslissing van die komitee, mits daar minstens ses lede aanwesig is.

(ii) Daar word gestem deur die hand op te steek, tensy 'n lid versoek dat daar met geslote stembriefies gestem moet word.

(iii) As daar 'n staking van stemme is, verval die onderhewige saak, maar dit kan op 'n latere vergadering weer te berde gebring word.

(iv) Wanneer die komitee oor 'n feitekwessie moet beslis, kan hy, behoudens andersluidende bepalings van hierdie verordeninge, optree aan die hand van sodanige getuienis as wat hy afdoende ag, of dit nou al regsgeldige bewyse is of nie.

(11) Die komitee, of die dagbestuur namens hom, het, behoudens die bepalings van hierdie verordeninge en van die Wet, die bevoegdheid—

(i) om alle aansoeke en lidmaatskap van die fondse na te gaan, toe te staan, te bekragtig of te verwerp;

(ii) om alle kwessies in verband met bydraes af te handel;

(iii) om die dienstydperke, met inbegrip van tydperke waarin daar 'n diensonderbreking was, ten opsigte waarvan daar bydraes betaal mag word, of wat vir voordeeldoeleindes ingereken kan word, na te gaan, goed te keur of daaroor te beslis;

(iv) om alle eise teen die fondse te verreken, en daaroor te beslis;

(v) om die uitkering van alle voordele te magtig;

(vi) om die geld van die fondse te ontvang, te beheer en aan te wend;

(vii) om reëls te aanvaar vir sy eie leiding, of ten einde dit makliker te maak om die fondse se sake te behartig;

(viii) om die verskillende pligte wat by hierdie verordeninge voorgeskryf word, na te kom en alles te doen wat nodig is om die fondse se sake behoorlik te laat vlot.

(12 (i) 'n Komiteelid wat regstreeks of onregstreeks belang het by enige belegging of beoogde belegging van die fondse, moet die komitee meedeel wat die aard en omvang van sy belang daarby is: Met dien verstande dat 'n algemene skriftelike verklaring deur so 'n lid aan die komitee dat hy 'n lid is van, of geldelike belange het by 'n bepaalde maatskappy of firma, en dat daar geag moet

(c) when the counting has been completed, the returning officer and scrutineers shall certify in writing the number of votes cast for each candidate in each section;

(d) the returning officer shall declare the candidate receiving the largest number of votes in each section to be duly elected and in the case of the election of two committee members by the salaried staff section, the two candidates receiving the largest number of votes shall be declared duly elected, and the persons who stood as alternates to such elected members shall be declared to be duly elected as alternates to such members;

(e) in the event of any two or more candidates for a vacancy in the same section having an equal number of votes recorded in their favour, no candidate and no alternate shall be deemed to have been elected and the returning officer shall take steps for the holding of another election for the section concerned.

(x) The returning officer shall notify the successful candidates and their alternates of their election and shall send notices of the result of the election throughout the various departments.

(xi) The voting papers referred to in paragraphs (iv) and (v) of this sub-section shall be forwarded to members in such manner as the returning officer may consider most convenient and expeditious and the non-receipt by a member of such voting paper shall not invalidate an election.

(5) (i) Any elected member of the committee and any alternate may, at any time, resign by giving notice in writing to the secretary/treasurer of his intention to do so and the effective date of such resignation shall be the date of such notification.

(ii) Any member of the committee and any alternate shall cease to hold office—

(a) from such date as the Council may prescribe if he has been removed from office in terms of sub-section (2); or

(b) from such date as the committee may decide if he is an elected member who has omitted to attend two consecutive meetings of the committee or executive committee (if he is a member of the executive committee) without reasonable cause, of which the committee shall be the sole judge; or

(c) from such date as the committee may decide if he becomes insane or otherwise incapable of acting; or

(d) from the date of sequestration, surrender or assignment if his estate is sequestrated, surrendered or assigned for the benefit of his creditors; or

(e) from the date of conviction if he is convicted, whether in the Republic or elsewhere, for theft, fraud, forgery or uttering of a forged document or perjury and sentenced to serve a term of imprisonment without the option of a fine; or

(f) from the date of removal if he is removed by a court of law from any position of trust on account of misconduct; or

(g) from the date of death; or

(h) from the date of leaving the Council's service or ceasing to be a councillor.

(iii) In the event of a vacancy of an elected member occurring in terms of paragraph (i) or (ii), his alternate shall act in his place for the balance of the period for which he was elected and only in the event of such alternate vacating office in terms of paragraph (i) or (ii) shall the committee, as soon as possible, take the necessary steps for the election of a new member and his alternate by the members of the section concerned and the member elected and his alternate shall hold office for the balance of the period for which their predecessors would have acted.

(iv) The fact that there is a vacancy on the committee in terms of paragraphs (i) or (ii) shall not invalidate any decision of the committee.

(c) moet die stembeampte en natellers, wanneer die tellery afgehandel is, skriftelik verklaar hoeveel lede daar vir iedere kandidaat in iedere groep gestem het;

(d) verklaar die stembeampte dat die kandidaat wat die meeste stemme in iedere groep ontvang het, en in die geval van die salarispersoneelgroep waarvoor twee komiteelede gekies moet word, dat die twee kandidate wat die meeste stemme in die groep ontvang het, behoorlik verkies is, en dat hulle benoemde plaasvervangers insgelyks behoorlik verkies is;

(e) en in die geval waar daar verklaar is dat twee of meer kandidate vir 'n vakature in dieselfde groep dieselfde getal stemme ontvang het, word geen kandidaat en geen plaasvervanger as verkose beskou nie, en moet die stembeampte stappe doen om nog 'n verkiesing vir die betrokke groep te hou.

(x) Die stembeampte moet die verkose kandidate en hulle plaasvervangers in kennis stel dat hulle verkies is en kennisgewings van die uitslag van die verkiesing aan al die raadsafdelings stuur.

(xi) Die stembriefies waarna daar in paragrawe (iv) en (v) van hierdie subartikel verwys word, moet op 'n wyse wat die stembeampte as die gerieflikste en gouste ag, aan lede gestuur word, en as 'n lid nie so 'n stembriefie ontvang nie, word die verkiesing nie daardeur ongeldig gemaak nie.

(5) (i) Enige verkose lid van die komitee en enige plaasvervanger kan te eniger tyd as komiteelid bedank deur die sekretaris/tesourier skriftelik van so 'n voorneme te verwittig, en sy bedanking word van krag op die datum van sodanige kennisgewing.

(ii) Die ampstermyn van 'n komiteelid en van 'n plaasvervanger verstryk—

(a) op die datum wat die stadsraad bepaal nadat hy ingevolge subartikel (2) van hierdie artikel onthef is van die amp; of

(b) as hy 'n verkose lid is, op die datum wat die komitee bepaal, indien hy twee opeenvolgende vergaderings van die komitee of die dagbestuur (as hy 'n lid van die dagbestuur is) sonder 'n redelike verskoning waaroor slegs die komitee kan beslis, nie bygewoon het nie; of

(c) op die datum wat die komitee bepaal as die lid kranksinnig word of andersins onbekwaam raak om in die komitee te dien; of

(d) op die datum van sekwestrasie, oorgawe, of boedelafstand, as sy boedel ten bate van sy skuldeisers gesekwestreer, oorgegee of afgestaan word; of

(e) op die datum van skuldigbevinding as hy in die Republiek of elders skuldig bevind word weens diefstal, bedrog, vervalsing of die uitgee van 'n vervalste dokument of weens meineed en veroordeel word tot tronkstraf sonder die keuse van 'n boete; of

(f) op die ontheffingsdatum as hy deur 'n hof vanweë wangedrag uit 'n vertrouenspos onthef word; of

(g) op die datum waarop hy oorlede is; of

(h) op die datum waarop hy die stadsraad se diens verlaat of ophou om 'n raadslid te wees.

(iii) Indien daar 'n vakature ingevolge paragraaf (i) of (ii) in die geledere van die verkose lede ontstaan, dien die betrokkene se plaasvervanger die oorblywende gedeelte van die betrokkene se ampstermyn in sy plek, en die komitee moet slegs wanneer so 'n plaasvervanger ingevolge paragraaf (i) of (ii) sy amp neerlê, so spoedig doenlik reël dat die betrokke groep 'n nuwe lid en 'n plaasvervanger kies, en die nuwe lid en sy plaasvervanger se ampstermyn duur totdat die oorblywende gedeelte van hul voorgangers se ampstermyn verstryk.

(iv) Die feit dat daar 'n vakature ingevolge paragraaf (i) of (ii) in die komitee bestaan, maak geen beslissing van die komitee ongeldig nie.

newly elected members and their alternates may be in readiness to take the place of those who retire from office at the end of each such period:—

(i) Salaried staff: two members.
(ii) Daily paid skilled workmen: one member.
(iii) Daily paid unskilled workmen: one member.
(iv) Running staff of the Transport Department, including pointsboys: one member.

(4) The election of elected members and their alternates shall be conducted in the following manner:—

(i) A returning officer and two scrutineers shall be appointed by the committee prior to each election.

(ii) At least thirty days prior to an election the returning officer shall cause notices to be distributed throughout the various departments stating the number of committee members and alternates to be elected, the section or sections prescribed in subsection (3) in respect of which the members and alternates are to be elected, and requiring nominations for candidates and their alternates to be sent to him on nomination forms conforming with the provisions of paragraph (iii) so as to be received by him on or before a date fixed by him, which shall not be less than 16 days before the date of election.

(iii) Every nomination form shall be signed by at least six members of the section for which the person nominated and his alternate are candidate and alternate, and shall contain the full name of the candidate and his alternate and an undertaking signed by the candidate that he will serve on the committee if elected, and an undertaking by the alternate that he will, if elected, serve on the committee on notification by and in the absence of the person nominated.

(iv) After the date fixed by him in terms of paragraph (ii), but at least fourteen days before the election date, the returning officer shall declare such candidates and their alternates for sections in respect of which no more nominations are received than committee members are prescribed in terms of subsection (3), to be duly elected and shall send a voting paper conforming with the provisions of paragraph (v) to only such members of a section or sections in respect of which more nominations are received than the committee members are prescribed.

(v) A voting paper shall contain—

(a) the section in respect of which such candidates and their alternates are proposed for election;
(b) the names of the candidates and the alternates to each such candidate;
(c) the date of the election and the time at which the election shall close;
(d) short instructions as to the manner in which the form is to be completed and sent to the returning officer.

(vi) Only those members who are members at the date fixed in terms of paragraph (ii) shall be entitled to vote.

(vii) A voting paper shall only be valid if completed by a member by placing a cross in the appropriate place opposite the name of the candidate for whom he wishes to vote.

(viii) On completing a voting paper as prescribed in paragraph (vii) the onus shall be on the member to return the voting paper to the returning officer on or before the time and date of the closing of the election contained in the voting paper and no voting paper may be received by the returning officer after such time and date.

(ix) After the time and date for the closing of the election—

(a) the voting papers shall be opened, examined and counted in the presence of the returning officer and scrutineers;
(b) if there is any doubt about the validity of any voting paper it shall be referred to the returning officer who shall decide whether it shall be admissible or not;

sodat die nuutverkose lede en hulle plaasvervangers gereed kan wees om die plek in te neem van dié wat aan die einde van iedere sodanige tydperk uittree:—

(i) Die salarispersoneel: twee lede.
(ii) Die daaglikse besoldigde geskoolde werkers: een lid.
(iii) Die daagliks besoldigde ongeskoolde werkers: een lid.
(iv) Die voertuigpersoneel van die Vervoerafdeling met inbegrip van die wisselwagters: een lid.

(4) Die verkose lede en hulle plaasvervangers word op die volgende wyse verkies:—

(i) Wie komitee wys voor elke verkiesing 'n stembeampte en twee natellers aan.

(ii) Die stembeampte moet minstens dertig dae voor 'n verkiesing kennisgewings aan die verskillende raadsafdelings stuur waarin die getal komiteelede en plaasvervangers wat verkies moet word, die groep of groepe wat in subartikel (3) voorgeskryf en ten opsigte waarvan lede en plaasvervangers verkies moet word, vermeld word, en waarin versoek word dat benoemings vir kandidate en hulle plaasvervangers op die benoemingstukke wat aan die bepalings van paragraaf (iii) voldoen, aan hom gestuur moet word sodat dit hom voor of op die datum bereik wat deur hom bepaal word en wat minstens sestien dae voor die verkiesingsdatum moet wees.

(iii) Iedere benoemingstuk moet deur minstens ses lede van die groep vir wie die benoemde en sy plaasvervanger die kandidaat en sy plaasvervanger is, onderteken word, en die volle naam van die kandidaat en sy plaasvervanger moet daarop verstrek word. Die kandidaat moet ook daarin verklaar dat hy in die komitee sal dien as hy verkies word, en die plaasvervanger moet verklaar dat hy, as hy verkies word, na kennisgewing deur en in die afwesigheid van, die benoemde kandidaat in die komitee sal dien.

(iv) Die stembeampte moet na die datum wat hy by paragraaf (ii) bepaal het, maar minstens veertien dae voor die verkiesingdatum verklaar dat die kandidate en hulle plaasvervangers vir die groepe waarvoor daar nie meer benoemings ontvang is as die getal komiteelede wat in subartikel (3) voorgeskryf word nie, behoorlik verkies is, en stembriefies ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (v) slegs aan dié lede van 'n groep of groepe waarvoor daar meer benoemings ontvang is as die getal komiteelede wat voorgeskryf is, stuur.

(v) 'n Stembriefie moet die volgende bevat:—

(a) Die groep waarvoor die kandidate en hulle plaasvervangers vir die verkiesing benoem is;
(b) die name van die kandidate en elkeen se plaasvervanger;
(c) die datum en sluitingstyd van dit verkiesing;
(d) 'n bondige uiteensetting van die wyse waarop die stembriefie ingevul en aan die stembeampte teruggestuur moet word.

(vi) Slegs dié lede wat lede is op datum wat by paragraaf (ii) bepaal word, is geregtig om te stem.

(vii) 'n Stembriefie is slegs geldig as 'n lid dit voltooi deur 'n kruisie te trek in die toepaslike ruimte teenoor die naam van die kandidaat vir wie hy wil stem.

(viii) Nadat 'n stembriefie voltooi is op die wyse wat by paragraaf (vii) voorgeskryf word, berus dit by die lid om die stembriefie voor of op die sluitingsdatum en -tyd wat op die stembriefie aangegee word, aan die stembeampte te besorg, en die stembeampte mag geen stembriefie na sodanige datum en tyd ontvang nie.

(ix) Na die sluitingsdatum en -tyd van die verkiesing—

(a) word die stembriefies in die teenwoordigheid van die stembeampte en natellers oopgemaak, nagegaan en getel;
(b) word die stembriefie in geval van twyfel oor die geldigheid daarvan aan die stembeampte voorgelê en hy beslis of dit geldig is of nie;

(25) "pensionable emoluments" mean the salary or wage paid to a member; and—

(i) *such allowances as are specifically declared to* be pensionable by the Council; and

(ii) the rental value of any quarters which the Council specifically allows a member to occupy free of rental as a portion of his pensionable emoluments or where the Council grants an allowance in lieu thereof as a portion of his *pensionable emoluments, provided that for the* purposes of these rules no such amount shall exceed one-sixth of the member's basic salary or wage;

(26) "secretary/treasurer" means the person appointed to carry out the administrative and other duties of the funds in terms of Rule 6, and, in his absence, the person appointed by the committee to act in his place;

(27) "special class member" means a member in respect of whom a medical certificate in terms of sub-section (3) of Rule 11 has been issued and has not been changed in terms of sub-section (4) of Rule 11;

(28) "Special Medical Board" means the Board established in terms of sub-section (5) of Rule 11;

(29) "Town Clerk" *means the person for the time being* lawfully acting in the capacity of Town Clerk for the Municipality of Johannesburg.

## CHAPTER I.

### ADMINISTRATION.

*Name and Objects of Funds.*

2. The name of the funds shall be the "Johannesburg Municipal Pension and Provident Funds", a body corporate, capable of suing and being sued in its corporate name and of doing all such things as may be necessary for or incidental to the exercise of its powers or the performance of its functions in terms of these rules, and the objects of the funds shall be the provision of benefits for members and pensioners and for dependants, heirs or the estates of members and pensioners.

*Registered Office.*

3. The registered office of the funds shall be situated at the Town Clerk's Office, City Hall, Johannesburg.

*Committee of Management.*

4. (1) The funds shall be administered by a committee consisting of 10 members, five of whom (hereinafter referred to as "elected members") shall be elected by the members of the funds, together with five alternates who shall act in their absence, and five of whom (hereinafter referred to as "nominated members") shall be nominated by the Council, together with five alternates who shall act in their absence.

(2) Nominated members and their alternates shall be either councillors or employees of the Council and shall hold office during the pleasure of the Council.

(3) Elected members and their alternates shall be members of one of the funds and the members of each of the sections specified below shall elect a member or members, as indicated below, and alternates to such members, for two years reckoned from the fixed date and thereafter a new election shall take place shortly before the end of each period of two years, so that

(19) „pensioentrekker" 'n afgetrede lid wat ingevolge die bepalings van hierdie verordeninge 'n pensioen ontvang of wat ingevolge subartikel (3) van artikel 17 vergun is om die uitbetaling van sy pensioen te laat opskort; (23)

(20) „rente" enkelvoudige rente en nie samegestelde rente nie; (17)

(21) „sekretaris/tesourier" die persoon wat aangestel word om ingevolge artikel 6 die administratiewe en ander pligte van die Fondse te vervul, en in sy afwesigheid, die persoon wat die komitee benoem om sy plek waar te neem; (26)

(22) „spesiale geneeskundige raad" die raad wat ingevolge subartikel (5) van artikel 11 aangestel is; (28)

„spesiale klas"-lid, 'n lid ten opsigte van wie daar ingevolge subartikel (3) van artikel 11 'n dokter-sertifikaat uitgereik is, wat nie kragtens subartikel (4) van artikel 11 gewysig is nie; (27)

(24) „stadsgeneesheer" die stadsgeneesheer wat die stadsraad as sodanig aangestel het, of 'n ander geneeskundige beampte of geneesheer wat deur die stadsgeneesheer benoem is; (20)

(25) „stadsklerk" die persoon wat asdan wettig in die hoedanigheid van stadsklerk van die Munisipaliteit Johannesburg optree; (29)

(26) „stadsraad" die Stadsraad van Johannesburg; (9)

(27) „vankragwordingsdatum" *die eerste dag van die* maand wat volg op die datum waarop hierdie verordeninge in die *Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal* afgekondig word; (11)

(28) „voordeel" 'n pensioen, ronde bedrag en 'n bedrag wat ingevolge hierdie verordeninge aan 'n lid, pensioentrekker, 'n afhanklike of enigiemand anders met inbegrip van die boedel van 'n afgestorwe lid of pensioentrekker, verskuldig is; (3)

(29) „Wet" die Wet op Pensioenfondse, 1956, soos gewysig, en die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, soos gewysig; (1)

## HOOFSTUK I.

### ADMINISTRASIE.

*Naam en doel van die fondse.*

2. Die fondse heet die „Johannesburgse Munisipale Pensioen- en Voorsieningsfonds", met regspersoonlikheid en bevoegdheid om as regspersoon eisend en verwerend op te tree, en om alle dinge te doen wat nodig is vir, of wat samehang met, die uitoefening van sy magte of funksies ingevolge hierdie verordeninge, en die doel van die fondse is om voorsiening te maak vir voordele vir lede en pensioentrekkers en vir die afhanklikes, erfgename of die boedels van lede en pensioentrekkers.

*Geregistreerde kantoor.*

3. Die geregistreerde kantoor van die fondse is in die Kantoor van die Stadsklerk, Stadhuis, Johannesburg, geleë.

*Die beheerkomitee.*

4. (1) Die fondse word geadministreer deur 'n komitee wat bestaan uit 10 lede, waarvan vyf deur die lede van die fondse verkies word (hierna „die verkose lede" genoem), met vyf plaasvervangers wat in die verkose lede se afwesigheid optree, en vyf wat deur die stadsraad benoem word (hierna „die benoemde lede" genoem), met vyf plaasvervangers wat in hulle afwesigheid optree.

(2) Die benoemde lede en hulle plaasvervangers moet raadslede of werknemers van die stadsraad wees, en beklee die ampte solank dit die stadsraad behaag.

(3) Die verkose lede en hulle plaasvervangers moet lede van een van die twee fondse wees, en die lede van iedere groep wat hieronder aangegee is, kies 'n lid, of lede soos dit hieronder uiteengesit word, asook plaasvervangers vir sodanige lede, vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die gesette datum, en daarna word 'n nuwe verkiesing kort voor die einde van iedere tydperk van twee jaar gehou,

(11) "effective date" shall be the first day of the month following the date of the promulgation of these rules in the *Provincial Gazette;*

(12) "eligible child" shall mean a child of whom it is established to the satisfaction of the committee—

(i) that such child is alive, under the age of 18 years and unmarried; and

(ii) that such child is the child of a male member of the Pension Fund born or conceived before he died, or the child of a male pensioner born or conceived before he retired, or a child which was adopted or which became the stepchild of such member before he died or such pensioner before he retired;

(13) "eligible widow" shall mean the widow of a member of the Pension Fund or the widow of a pensioner who was married to such pensioner when he was a member, provided proof of these facts has been produced to the satisfaction of the committee;

(14) "European" means a person defined as a "white person" in terms of section *one* of the Population Registration Act No. 30 of 1950 and any amendment thereof;

(15) "fixed date" means 1st January, 1917;

(16) "funds" means the Johannesburg Municipal Pension and Provident Funds;

(17) "interest" means in contradistinction to compound interest, simple interest;

(18) "Medical Board" means the Board established in terms of sub-section (7) of rule 11;

(19) "medical officer" means the medical officer appointed in terms of sub-section (1) of rule 11;

(20) "medical officer of health" means the medical officer of health appointed as such by the Council or such other medical officer or practitioner as is nominated by him;

(21) "member" means a person admitted to membership or remaining a member of the funds in accordance with rule 10 and 34 and who has not ceased to be a member in terms of these rules and shall include a special class member and a temporary member unless expressly excluded, provided for or distinguished;

(22) "pension" means an annual sum payable during the lifetime of a pensioner or eligible widow or eligible child in terms of these rules;

(23) "pensioner" means a retired member who is in receipt of a pension in terms of these rules or who has deferred payment of a pension in terms of sub-section (3) of rule 17;

(24) "pensionable age" shall mean—

(i) the age of 55 years for a uniformed employee in the Firefighting and Fire Prevention Services of the Council who was a member of those Services on 28th May, 1946;

(ii) the age of 60 years for—

(*a*) an ambulance attendant;

(*b*) a bus driver, motorman or conducter or any employee engaged full-time in driving a vehicle of a passenger or freight transport service of the Council;

(*c*) a plant operator designated or regarded as such by the Council;

(*d*) a meat inspector engaged full-time in the Abattoir and Livestock Market Department;

(*e*) a uniformed employee in the Firefighting and Fire Prevention Services of the Council, who became a member of those Services after 28th May, 1946;

(*f*) an auctioneer in the Market Department; and

(*g*) any other employee who was a member of the Funds on 30th June, 1956;

(iii) the age of 63 years for any member not included in paragraphs (i) or (ii) above;

(9) „geneeskundige raad" die raad wat ingevolge sub-artikel (1) van artikel 11 gestig is; (18)

(10) „gesette datum" 1 Januarie 1917; (15)

(11) „kind" 'n wettige en buite-egtelike kind; (5)

(12) „komitee" die beheerkomitee wat kragtens artikel 4 gestig is; (6)

(13) „lid" iemand wat ingevolge artikels 10 en 34 as 'n lid van die fondse aanvaar is, of 'n lid van die fondse bly en wie se lidmaatskap nie ingevolge hierdie verordeninge beëindig is nie, en dit omvat 'n „spesiale klas"-lid en 'n „tydelike klas"-lid, tensy laasgenoemde twee soorte uitdruklik uitgesluit of uitgesonder word, of daar uitdruklik vir hulle voorsiening gemaak word; (21)

(14) „pensioen" die jaarlikse bedrag wat ingevolge hierdie verordeninge gedurende die leeftyd van 'n pensioentrekker of pensioengeregtigde weduwee of pensioengeregtigde kind betaal moet word; (22)

(15) „pensioendraende besoldiging" die salaris of loon wat aan 'n lid betaal word; en

(i) toelaes wat uitdruklik deur die stadsraad as pensioendraend verklaar word; en

(*c*) Die plaaslike owerheid is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan voornoemde serwituut grens; en voorts is die plaaslike owerheid geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike owerheid enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke veroorsaak word.

5. *Woordomskrywing.*

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukkings die betekenisse wat aan hulle geheg word:—

(i) "Applikant" beteken Bethalrand (Eiendoms), Beperk, en sy opvolgers in titel tot die dorp.

(ii) "Woonhuis" beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning deur een gesin.

6. *Staats- en munisipale erwe.*

As 'n erf waarvan melding in klousule A 19 gemaak word of erwe wat benodig word soos beoog in klousule B 1 (ii) en (iii) hiervan, in die besit kom van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike owerheid, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van voornoemde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur in oorleg met die Dorperaad bepaal.

(3) *Erf No.* 43.—The erf shall be used solely for religious purposes and for purposes incidental thereto or for such other purposes as may be permitted and subject to such conditions as may be determined by the Administrator after reference to the Board and the local authority.

(D) *Special Residential Erven.*

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof the erven, with the exception of those referred to in sub-clauses (B) and (C), shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf shall be used for the erection thereon of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator, after reference to the Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, communal hall, institution or other buildings appertaining to a residential area, may be erected on the erf: Provided further that when the township is included within the area of an approved Town-planning Scheme the local authority may permit such other buildings as may be, provided for in the Scheme, subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required.

(*b*) Neither the owner, nor any other person, shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purposes whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(*c*) Not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf, except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary: Provided that if the erf is subdivided or it or any portion thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf, this condition may, with the consent of the Administrator, be applied to each resulting portion or consolidated area.

(i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than R5,000;

(ii) the main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with, or before, the erection of the outbuildings.

(*d*) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device, shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

2. *Building Lines.*

(*a*) *Erven Nos.* 1 *to* 21, 132 *to* 142, 145 *to* 156 *and* 159 *to* 166.—Buildings, including outbuildings hereafter erected on the erf shall be situated not less than 40 feet from the boundary abutting on either Road No. P.30/1 or Road No. 1748 and not less than 20 feet from any other street boundary.

(*b*) *Erven Nos.* 22, 28 *to* 131, 143, 144, 157, 158 *and* 167 *to* 203.—Buildings, including outbuildings hereafter erected on the erf, shall be situated not less than 20 feet from its boundary abutting on a street.

3. *Erven Subject to Special Conditions.*

In addition to the relevant conditions set out above the following erven shall be subject to the conditions set out below:—

(*a*) *Erven Nos.* 9, 10, 139, 140, 147 *and* 148.—The erf shall be subject to a stormwater servitude in favour of the local authority as shown on the general plan.

(3) *Erf No.* 43.—Die erf moet uitsluitlik vir godsdiensdoeleindes gebruik word en vir doeleindes in verband daarmee of vir sodanige ander doeleindes as wat die Administrateur toelaat en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy bepaal, na oorlegpleging met die Dorperaad en die plaaslike owerheid.

(D) *Spesiale woonerwe.*

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is die erwe met uitsondering van dié wat in subklousules (B) en (C) genoem word, ook aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Die erf mag slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met die toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike owerheid 'n plek van openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat, wanneer die dorp binne die gebied van 'n goedgekeurde Dorpsaanlegskema opgeneem word, die plaaslike owerheid ander geboue waarvoor in die Skema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die Skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike owerheid vereis word.

(*b*) Nòg die eienaar, nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(*c*) Behalwe met die toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag kan voorskryf, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of dit of enige gedeelte daarvan gekonsolideer word met enige ander erf of gedeelte van 'n erf, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur van toepassing gemaak mag word op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied.

(i) Die waarde van die woonhuis, sonder buitegeboue, wat op die erf opgerig word, moet minstens R5,000 wees;

(ii) die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of vóór, die buitegeboue opgerig word.

(*d*) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal opgerig en onderhou word tot voldoening van die plaaslike owerheid.

2. *Boulyne.*

(*a*) *Erwe Nos.* 1 *tot* 21, 132 *tot* 142, 145 *tot* 156 *en* 159 *tot* 166.—Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 40 voet van die grens wat aan òf Pad No. P.30/1 òf aan Pad No. 1748 grens en minstens 20 voet van enige ander straatgrens geleë wees.

(*b*) *Erwe Nos.* 22, 28 tot 131, 143, 144, 157, 158 *en* 167 *tot* 203.—Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 20 voet van die straatgrens daarvan geleë wees.

3. *Erwe onderworpe aan spesiale voorwaardes.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is die volgende erwe aan die onderstaande voorwaardes onderworpe:—

(*a*) *Erwe Nos.* 9, 10, 139, 140, 147 *en* 148.—Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir vloedwater, soos aangewys op die algemene plan, ten gunste van die plaaslike owerheid.

to pay a proportionate share of the cost of any pipe line or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

(B) *Special Business Erven.*

Erven Nos. 24, 25 and 26 shall, in addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a warehouse, or a place of amusement or assembly, garage, industrial premises or an hotel; and provided further that—

(i) until the erf is connected to a public sewerage system the building on the erf shall not be more than two storeys and thereafter not more than three storeys in height;

(ii) the upper floor or floors may be used for residential purposes;

(iii) the buildings on the erf shall not occupy more than 70 per cent of the area of the erf in respect of the ground floor and not more than 40 per cent of the area of the erf in respect of the upper floor or floors.

(*b*) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(*c*) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and sub-clause (*a*) hereof there shall be no limitation of the number of shops or businesses which may be established or conducted on the erf: Provided that no business of a Bantu eating-house of any description shall be conducted on the erf.

(*d*) No offensive trade, as enumerated either in section *ninety-five* of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, or in a town-planning scheme in operation in the area, may be carried on upon the erf.

(*e*) The business premises shall be erected simultaneously with, or before, the erection of the outbuildings.

(C) *Special Purposes Erven.*

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:—

(1) *Erf No.* 23.—The erf shall be used solely for the purpose of an hotel business and purposes incidental thereto or for such other purposes as may be permitted and subject to such conditions as may be determined by the Administration after reference to the Board and the local authority.

(2) *Erven Nos.* 137 *and* 164.—The erf shall be used solely for the purpose of conducting thereon the business of a motor garage and purposes incidental thereto, including a tea room: Provided that—

(i) until the erf is connected to a public sewerage system the building shall not exceed two storeys and thereafter not three storeys in height;

(ii) the upper floor or floors, which shall not occupy more than 40 per cent of the area of the erf, may be used for business and residential purposes:

Provided further that, in the event of the erf not being used for the aforesaid purposes, it may be used for such other purposes as may be permitted and subject to such conditions as may be determined by the Administrator after reference to the Board and the local authority.

'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

(B) *Spesiale besigheidserwe.*

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is Erwe Nos. 24, 25 en 26 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Die erf mag slegs vir handels- of besigheidsdoeleindes gebruik word: Met dien verstande dat dit nie gebruik mag word as 'n pakhuis, of vermaaklikheids- of 'n vergaderplek, garage, nywerheidsperseel of 'n hotel nie; en voorts met dien verstande dat—

(i) die gebou op die erf nie meer as twee verdiepings hoog moet wees totdat die erf met 'n openbare rioolstelsel verbind is en daarna nie meer as drie verdiepings nie;

(ii) die boonste verdieping of verdiepings vir woondoeleindes gebruik kan word;

(iii) die geboue op die erf nie meer as 70 persent van die oppervlakte van die erf ten opsigte van die grondverdieping en 40 persent van die oppervlakte van die erf ten opsigte van die boonste verdieping of verdiepings mag beslaan nie.

(*b*) Nòg die eienaar, nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(*c*) Behoudens die bepalings van enige wet, verordening of regulasie en subklousule (*a*) hiervan, is daar geen beperking wat die aantal winkels of besighede betref wat op die erf opgerig of gedryf mag word nie: Met dien verstande dat geen besigheid van 'n Bantoe-eethuis, van watter aard ook al, op die erf gedryf mag word nie.

(*d*) Geen hinderlike bedryf, soos omskryf òf in artikel *vyf-en-negentig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, òf in 'n Dorpsaanlegskema wat op die gebied van toepassing is, mag op die erf gedryf word nie.

(*e*) Die besigheidsgeboue moet gelyktydig met, of vóór, die buitegeboue opgerig word.

(C) *Erwe vir spesiale doeleindes.*

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is onderstaande erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(1) *Erf No.* 23.—Die erf moet uitsluitlik vir 'n hotelbesigheid gebruik word en vir doeleindes in verband daarmee of vir sodanige ander doeleindes as wat die Administrateur toelaat en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy bepaal na oorlegpleging met die Dorperaad en die plaaslike owerheid.

(2) *Erwe Nos.* 137 *en* 164.—Die erf moet uitsluitlik gebruik word vir die doel om daarop die besigheid van 'n garage te dryf, en vir doeleindes in verband daarmee wat 'n teekamer kan insluit: Met dien verstande dat—

(i) die gebou nie meer as twee verdiepings hoog mag wees totdat die erf met 'n openbare rioolstelsel verbind is en daarna nie meer as drie verdieping nie;

(ii) die boonste verdieping of verdiepings wat nie meer as 40 persent van die oppervlakte van die erf mag beslaan nie, vir besigheids- en woondoeleindes gebruik kan word:

Voorts met dien verstande dat, indien die erf nie vir bogenoemde doeleindes gebruik word nie, dit vir sodanige ander doeleindes gebruik kan word as wat die Administrateur toelaat en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy bepaal na oorlegpleging met die Dorperaad en die plaaslike owerheid.

20. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, including the reservation of mineral rights, but excluding the condition relating to land for railway purposes as defined in Crown Title Deed No. 44 of 1943, which affects Erf No. 211 only and the servitude for power transmission in terms of Notarial Deed No. 568/53S which affects Erven Nos. 206 to 210 only.

21. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B—CONDITIONS OF TITLE.

1. *The Erven with Certain Exceptions.*

The erven with the exception of—

(i) the erven referred to in clause A 19 hereof;
(ii) such erven as may be acquired for State or Provincial purposes; and
(iii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Board, has approved the purposes for which such erven are required;

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

(A) *General Conditions.*

(*a*) The applicant and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.

(*b*) Plans and specifications of all buildings and of all alterations or additions thereto shall be submitted to the local authority whose approval in writing shall be obtained prior to the commencement of building operations. All buildings or alterations or additions thereto shall be completed within a reasonable period after the commencement thereof.

(*c*) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.

(*d*) Neither the owner nor any other person shall have the right, save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(*e*) Except with the consent of the local authority, no animal as defined in the Local Authorities' Pounds Regulations shall be kept on the erf.

(*f*) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(*g*) Except with the written approval of the local authority and subject to such conditions as the local authority may impose, neither the owner nor any occupier of the erf shall sink any wells or boreholes thereon or abstract any subterranean water therefrom.

(*h*) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for storm water to be drained from higher lying erven direct to a public street, the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable

20. *Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute met inbegrip van die voorbehoud van mineraleregte maar uitgesonderd die voorwaarde wat betrekking het op grond vir spoorwegdoeleindes, soos omskryf in Kroongrondbrief No. 44 van 1943, wat slegs Erf No. 211 raak en die serwituut vir kragleiding kragtens Notariële Akte No. 568/53S wat slegs Erwe Nos. 206 tot 210 raak.

21. *Nakoming van voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en om sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B—TITELVOORWAARDES.

1. *Die erwe met sekere uitsonderings.*

Die erwe met uitsondering van—

(i) die erwe genoem in klousule A 19 hiervan;
(ii) erwe wat vir Staats- of Provinsiale doeleindes verkry word; en
(iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry word, mits die Administrateur in oorleg met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;

is onderworpe aan die verdere voorwaardes hierna genoem:—

(A) *Algemene voorwaardes.*

(*a*) Die applikant en enige persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe gemagtig is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.

(*b*) Planne en spesifikasies van alle geboue en van alle veranderings of aanbousels daaraan moet ingedien word by die plaaslike owerheid wie se skriftelike goedkeuring verkry moet word voordat daar met bouwerksaamhede 'n aanvang gemaak word. Alle geboue of veranderings of aanbousels daaraan moet binne 'n redelike tydperk na die aanvang daarvan voltooi word.

(*c*) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die aantreklikhede van die omgewing benadeel nie.

(*d*) Nòg die eienaar, nòg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid.

(*e*) Behalwe met die toestemming van die plaaslike owerheid mag geen dier, soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, op die erf aangehou word nie.

(*f*) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van rou grondstene mag op die erf opgerig word nie.

(*g*) Behalwe met die skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die plaaslike owerheid oplê mag nòg die eienaar nòg enige bewoner van die erf putte of boorgate op die erf sink of enige ondergrondse water daaruit put nie.

(*h*) Waar dit volgens die mening van die plaaslike owerheid ondoenlik is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat toe af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, vanwaar die neerslagwater oor 'n erf met

13. *Accesses.*

(*a*) Access to Road P.30/1 shall be restricted to the following points:—

(i) Between Erven Nos. 143 and 144.

(ii) Between Erven Nos. 22 and 131.

(iii) Between Erven Nos. 157 and 158.

(*b*) Access to Road No. 1748 shall be restricted to a point between Erven Nos. 3 and 4.

(*c*) In terms of regulation 93 of the Roads Ordinance No. 22 of 1957, the applicant shall submit a proper layout design (drawn at a scale of 1 inch = 40 feet) of the accesses to the Transvaal Roads Department for its approval.

The applicant shall erect such accesses at its own expense and shall submit plans and specifications for this work to the satisfaction of the Transvaal Roads Department.

14. *Erection of Fence or Other Barrier.*

The applicant shall at its own expense and to the satisfaction of the Director, Transvaal Roads Department when called upon to do so erect a fence or other barrier between the road reserve of Road No. P.30/1 and Road No. 1748 and the boundaries of erven abutting on the roads, and the applicant shall maintain the fence or other barrier in a good condition until responsibility is taken over by the local authority: Provided that the applicant's responsibility for the maintenance thereof shall terminate when the responsibility for the maintenance of the streets is taken over by the local authority.

15. *Restriction on the Sale of No.* 204.

The applicant shall not sell Erf No. 204 to any person or body of persons, other than the State, without contacting the Transvaal Provincial Secretary, in writing, giving him the first option for a period of 6 (six) months to purchase the said erven for educational purposes at a price not exceeding that at which he intends selling the erf to such person or body.

16. *Storm Water.*

The applicant shall bear the cost of the construction of any additional drainage culverts which in the opinion of the South African Railways Administration may become necessary to cope with the increased run-off of storm water collecting on the property of the said Administration as a result of the establishment of the township.

17. *Provision of Protective Nets or Other Precautionary Measures.*

If the Electricity Supply Commission finds it necessary to provide any protective nets under the existing high-tension wires or take any other precautionary measures owing to the lines going through the township, the applicant shall bear the cost of such protection.

18. *Filling of Excavations.*

The applicant shall have the excavations filled up to the satisfaction of the local authority.

19. *Land for State and Other Purposes.*

The following erven shown on the General Plan, shall be transferred to the proper authorities by and at the expense of the applicant:—

(*a*) For State purposes:

(i) General: Erf No. 27.

(ii) Education: Erf No. 205.

(iii) Railway: Erf No. 211.

(*b*) For Municipal purposes:

(i) As parks: Erven Nos. 213, 214 and 215.

(ii) For power transmission: Erven Nos. 206 to 210.

(iii) As pedestrian thoroughfare: Erf No. 212.

13. *Toegange.*

(*a*) Toegang tot Pad No. P.30/1 is beperk tot die volgende punte:—

(i) Tussen Erwe Nos. 143 en 144.

(ii) Tussen Erwe Nos. 22 en 131.

(iii) Tussen Erwe Nos. 157 en 158.

(*b*) Toegang tot Pad No. 1748 is beperk tot 'n punt tussen Erwe Nos. 3 en 4.

(*c*) Ooreenkomstig regulasie 93 van die Padordonnansie, No. 22 van 1957, moet die applikant 'n behoorlike uitlegontwerp (geteken teen 'n skaal van 1 duim = 40 voët) van die toegange indien vir goedkeuring deur die Transvaalse Paaiedepartement.

Die applikant moet sodanige toegange op eie onkoste bou asook planne en spesifikasies vir hierdie werk indien tot bevrediging van die Transvaalse Paaiedepartement.

14. *Oprigting van heining of ander versperring.*

Die applikant moet op eie koste 'n heining of ander versperring tussen die padreserwe van Pad No. P.30/1 en Pad No. 1748 en die grense van die erwe langs die paaie tot bevrediging van die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement oprig wanneer so deur hom vereis en moet sodanige heining of ander versperring in goeie toestand hou tot tyd en wyl die verantwoordelikheid deur die plaaslike owerheid oorgeneem word: Met dien verstande dat die applikant se verantwoordelikheid vir die onderhoud daarvan sal staak wanneer die verantwoordelikheid vir die onderhoud van die strate deur die plaaslike owerheid oorgeneem word.

15. *Beperking op die verkoop van Erf No.* 204.

Die applikant mag nie Erf No. 204 aan enige ander persoon of liggaam van persone, uitgesonderd die Staat, verkoop nie, tensy hy skriftelik in verbinding getree het met die Provinsiale Sekretaris van Transvaal en aan hom die eerste opsie gegee het om die erf binne 'n tydperk van 6 (ses) maande vir onderwysdoeleindes aan te koop teen 'n prys nie hoër nie as dié waarvoor hy van plan is om die erf aan sodanige persoon of liggaam van persone te verkoop.

16. *Vloedwater.*

Die applikant moet die koste dra van die aanbou van enige bykomende dreineringsduikers wat, na die mening van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie, nodig is om die vermeerdering van vloedwater wat as gevolg van die stigting van die dorp op die eiendom van genoemde Administrasie vergaar word, te beheer.

17. *Voorsiening van beskermende nette of ander veiligheidsmaatreëls.*

Indien dit nodig bevind word dat die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie enige beskermende nette of ander veiligheidsmaatreëls, onder die bestaande hoogspanninggeleiers moet voorsien vanweë die feit dat die lyne deur die dorpsgebied gaan, moet die koste van sodanige beskerming deur die applikant gedra word.

18. *Opvulling van uitgrawings.*

Die applikant moet die uitgrawings laat opvul tot bevrediging van die plaaslike owerheid.

19. *Grond vir Staats- en ander doeleindes.*

Die volgende erwe op die Algemene Plan aangewys, moet deur die applikant op eie koste aan die bevoegde owerhede oorgedra word:—

(*a*) Vir Staatsdoeleindes:

(i) Algemeen: Erf No. 27.

(ii) Onderwys: Erf No. 205.

(iii) Spoorweg: Erf No. 211.

(*b*) Vir munisipale doeleindes:

(i) As parke: Erwe Nos. 213, 214 en 215.

(ii) Vir kragleiding: Erwe Nos. 206 tot 210.

(iii) As voetgangerdeurgang: Erf No. 212.

and a Bantu location. Should such arrangements consist in the transfer of land to the local authority, such transfer shall be free from conditions relative to the use and disposal thereof by the local authority.

7. *Mineral Rights.*

All rights to minerals and precious stones including all rights which may be or become vested in the freehold owner to share in any proceeds which may accrue to the State from the disposal of the undermining rights of the land, and also the share of claim licence moneys and any share of rentals or profits which may accrue to any owner under any mining lease granted in respect of the land covered by the township, and the like, shall be reserved by the applicant.

8. *Outspan Servitude.*

The applicant shall, at its own expense, arrange that the township area be freed from the outspan servitude.

9. *Cancellation of Existing Condition.*

The applicant shall, at its expense, obtain the cancellation of the following condition: —

The condition that the land hereby transferred or any portion thereof shall not be alienated, hypothecated or leased to or be exploited for dividends by any non-White or any company in which the governing interests are non-White, without the consent of the State President.

10. *Streets.*

(*a*) The applicant shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the Board and the local authority.

(*b*) The streets shall be named to the satisfaction of the local authority.

11. *Endowment.*

The applicant shall, subject to the provisos to paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *twenty-seven* of Ordinance No. 11 of 1931, pay as an endowment to the local authority an amount representing 15% (fifteen per cent) on land value only of all erven disposed of by the applicant by way of sale, barter or gift or in any other manner (other than erven transferred in terms of section *twenty-four* of that Ordinance), such value to be calculated as at the date of such disposal and to be determined in the manner set out in the said paragraph (*d*).

Quarterly audited detailed statements shall be rendered by the applicant to the local authority and shall be accompanied by a remittance for the amount shown to be due to the local authority. The local authority, or any official duly authorised thereto by it, shall have the right to inspect and audit the applicant's books at all reasonable times relative to the disposal of erven in the township. If so required by the said local authority or official, the applicant shall produce all such books and papers as may be necessary for such inspection and audit. If no such moneys have been received during any quarterly period the local authority may in lieu of an audited statement accept a statement to that effect.

12. *Compliance with Requirements of the Controlling Authority* re *Road Reserve.*

The applicant shall satisfy the Director, Transvaal Roads Department as to compliance with his requirements.

'n begraafplaas en 'n Bantoelokasie. Indien sodanige reëlings daaruit bestaan dat grond aan die plaaslike owerheid oorgedra moet word, moet die oordrag vry wees van voorwaardes betreffende die gebruik en vervreemding daarvan deur die plaaslike owerheid.

7. *Mineraleregte.*

Alle regte op minerale en edelgesteentes, met inbegrip van alle regte wat by die pagvry-grondbesitter berus of hierna kan berus, om te deel in die opbrengste wat moontlik aan die Staat kan toekom uit die verkoop van mynregte oor die grond, insluitende die aandeel in kleimlisensiegelde en enige aandeel in huurgelde of winste wat moontlik aan enige eienaar kan toekom ingevolge enige mynbrief ten opsigte van die grond binne die dorp en dergelike gelde, moet deur die applikant voorbehou word.

8. *Serwituut van uitspanning.*

Die applikant moet op eie koste reël dat die dorpsgebied van die serwituut van uitspanning vrygestel word.

9. *Kansellasie van bestaande voorwaarde.*

Die applikant moet die volgende bestaande voorwaarde op eie koste laat kanselleer: —

Die voorwaarde dat hierby getransporteerde grond, of enige gedeelte daarvan nie vervreem, verpand of verhuur mag word aan of om aandele bewerk mag word deur 'n nie-Blanke of 'n maatskappy waarin nie-Blanke beherende belang het, sonder die toestemming van die Staatspresident nie.

10. *Strate.*

(*a*) Die applikant moet die strate in die dorp vorm, skraap en onderhou tot voldoening van die plaaslike owerheid totdat die aanspreeklikheid deur die plaaslike owerheid oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur geregtig is om die applikant van tyd tot tyd gedeeltelik of geheel van dié aanspreeklikheid te onthef na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike owerheid.

(*b*) Die strate moet name gegee word tot voldoening van die plaaslike owerheid.

11. *Skenking.*

Die applikant moet, onderworpe aan die voorbehoudsbepalings van paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *sewe-en-twintig* van Ordonnansie No. 11 van 1931, as 'n skenking aan die plaaslike owerheid 'n bedrag betaal gelykstaande met 15% (vyftien persent) van slegs die grondwaarde van alle erwe wat deur die applikant verkoop, verruil of geskenk of op enige ander manier van die hand gesit word (uitgesonderd erwe oorgedra ingevolge artikel *vier-en-twintig* van daardie Ordonnansie); sodanige waarde bereken te word soos op die datum waarop dit aldus van die hand gesit word en vasgestel te word op die wyse uiteengesit in genoemde paragraaf (*d*).

Die applikant moet geouditeurde, gedetailleerde kwartaalstate, saam met die bedrag wat daarop aangewys word as verskuldig aan die plaaslike owerheid, aan die plaaslike owerheid verstrek. Die plaaslike owerheid of enige beampte deur hom behoorlik daartoe gemagtig, besit die reg om op alle redelike tye die applikant se boeke betreffende die vervreemding van erwe in die dorp te inspekteer en te ouditeer. Op versoek van genoemde plaaslike owerheid of beampte moet die applikant alle boeke en stukke, wat vir so 'n inspeksie en ouditering nodig is, voorlê. Indien geen sodanige gelde gedurende 'n tydperk van drie maande ontvang is nie kan die plaaslike owerheid 'n verklaring waarin melding daarvan gemaak word, in plaas van 'n geouditeerde staat aanneem.

12. *Nakoming van vereistes van die beherende gesag insake padreserwe.*

Die applikant moet die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, in verband met die nakoming van sy vereistes tevrede stel.

3. *Water.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that—

(*a*) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire-fighting services, is available;

(*b*) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (*a*) above and the reticulation thereof throughout the township: Provided that such arrangements shall include the following provisions:—

(i) That before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;

(ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage, if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township, the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;

(iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months' notice; Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;

(*c*) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of its obligations under the above-mentioned arrangements.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special referenc to the guarantees referred to in sub-paragraph (*c*) shall accompany the certificate as an annexure thereto.

4. *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarrised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. *Cemetery, Depositing Site and Bantu Location.*

The applicant shall make arrangements with the local authority, to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetery

3. *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike owerheid aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat—

(*a*) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;

(*b*) reëlings tot voldoening van die plaaslike owerheid getref is in verband met die lewering van water in (*a*) hierbo genoem en die lê van die pypnet daarvoor in die dorp: Met dien verstande dat onderstaande bepalings in sodanige reëlings ingesluit word:—

(i) Dat die applikant 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van 'n erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig sal word, deur die plaaslike owerheid goedgekeur word;

(ii) dat alle koste van of in verband met die installering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, opgaar, indien nodig, van water en die lê van die pypnet daarvoor deur die applikant gedra moet word, wie ook aanspreeklik is om sodanige installasie en toebehore in 'n goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl hulle deur die plaaslike owerheid oorgeneem word: Met dien verstande dat, indien die plaaslike owerheid vereis dat die applikant 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste in verband daarmee deur die plaaslike owerheid gedra moet word;

(iii) dat die plaaslike owerheid daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem, op voorwaarde dat ses maande kennis gegee word: Met dien verstande dat die applikant geld vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike owerheid goedgekeur, kan vorder tot tyd en wyl die plaaslike owerheid genoemde waterlewering oorneem;

(*c*) die applikant geskikte waarborge aan die plaaslike owerheid verstrek het met betrekking tot die nakoming van sy verpligtings kragtens bostaande reëlings.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings tussen die applikant en die plaaslike owerheid getref, uiteengesit word, met spesiale vermelding van die waarborge in subparagraaf (*c*) genoem, moet saam met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitêre dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike owerheid aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike owerheid getref is vir sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van afvalwater en vullisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van genoemde reëlings moet saam met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike owerheid aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike owerheid getref is vir die lewering en distribusie van elektrisiteit deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van genoemde reëlings moet saam met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Begraafplaas, stortingsterrein en Bantoelokasie.*

Die applikant moet, tot bevrediging van die Administrateur met die plaaslike owerheid reëlings tref in verband met die voorsiening van 'n stortingsterrein en terreine vir